
ORIËNTERING

1.1 INLEIDING

Suid-Afrika bevind homself midde in 'n drastiese sosio-ekonomies, politiese transformasieproses. Dit is 'n logiese gevolg van die beëindiging van apartheid soos vergestalt in die African National Congress (ANC) se verkiesingsoorwinning van April 1994.

Die ANC regering strewende na ten einde 'n vrye, mensgesentreerde samelewing tot stand te bring. Afgesien van die vryheid van ontneming, vrees en onderdrukking, verbind die ANC hom ook tot 'n vryheid van armoede, honger en onkunde van al die mense van Suid-Afrika (Mandela 1994). Die program ter verwesenliking van hierdie doelwitte, die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (Reconstruction and Development Program) (RDP), met sy sterk ekonomiese inslag, berus op 'n tweeledige benadering (RDP 1994):

- die voldoening aan basiese behoeftes soos gesondheid, behuising, dienstevoorsiening en onderwys - met die verwagting dat dit ekonomiese groei sal stimuleer.
- die handhawing van bevredigende ekonomiese groei deur die ontwikkeling van hoë tegnologieproduksie vir die uitvoermark.

Hierdie beleidspunte en strategieë het ooglopend direkte gevolge vir hoër onderwys. Afgesien van die geskik en bevoeg maak vir sosiale en beroepsrolle, is die universele verwagting dat hoër onderwys tot groter sosiale gelykheid sal bydra (Herman 1995:261). Hoër onderwys staan veral ook in die brandpunt vir sy bydrae tot tegnologiese vooruitgang en volgehoue ekonomiese groei (Salmi & Verspoor 1994:1). In Suid-Afrika

is die uitdaging vir hoër onderwysinrigtings om sodanig te transformeer dat 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van 'n nuwe sosiale bestel met sy veranderde behoeftes, geleenthede en realiteite gelewer kan word. Hoër onderwys moet die grondslag vir 'n leerkultuur lê waardeur die kreatiwiteit en intellektuele vermoëns van sy leerders gestimuleer, gerig en gemobiliseer word tot 'n verwesenliking van die uitdagings wat die RDP stel (Education White Paper 3 1997:7).

Hierdie nuwe behoeftes, geleenthede en realiteite soos teweeg gebring deur die wegbeweeg na 'n meer demokratiese bestel, voltrek binne die skielike blootstel aan internasionale druk. Davies (1996:321) bevestig dat *in South Africa, outside intervention in the country's economic and political as well as university affairs has become increasingly significant.*

Die internasionale samelewings, met klem op ontwikkelde lande, word gekenmerk aan die teenwoordigheid van 'n postmodernistiese "tydperk". Die invloed daarvan syfer ook deur na hoër onderwysinrigtings en Cowen (1996(a):247) skryf baie van die huidige veranderings aldaar toe aan 'n bevestiging van die feit dat samelewings besig is om 'n postmodernistiese "tydvak" binne te beweeg. Dit het tot gevolg dat 'n studie van die transformasieproses, soos dit besig is om aan Suid-Afrikaanse hoër onderwysinrigtings te voltrek, beter in perspektief gesien kan word met die in ag neem van die pertinente invloed van postmodernistiese beïnvloedingstendense daarop.

Hierdie appèl op hoër onderwysinrigtings om te transformeer, binne 'n tydvak gekenmerk aan toenemende postmodernistiese tendense, stel logieserwys eise aan die doeltreffende bestuur daarvan. Roode (1995:2) selekteer kwalitatiewe leierskap as die sleutel tot suksesvolle transformasie. Slowey (1995:23) wys op die feit dat akademiese personeel, ongeag hul passie vir nuwe, verbeterde kennis, nogtans konserwatief bly wat betref veranderde wyses van doen. Hierop beklemtoon Harris (1993:3) dat *strategic change is about managing people.* Die implikasie hiervan synde te wees dat die effektiewe bestuur van transformasie veral die suksesvolle bestuur van die mense in die situasie behels.

1.2 KONTEKSPLASING

1.2.1 Apartheidsbeleid en die Suid-Afrikaanse hoër onderwyssituasie

Teen die agtergrond van wat volg is dit belangrik om in ag te neem dat hoër onderwys in Suid-Afrika, tot en met Desember 1997, net universiteite en teknikons geïmpliseer het (vergelyk paragraaf 3.2.1).

Voor die aanvang van die apartheidsbewind in 1948 was die hoër onderwysstelsel van Suid-Afrika reeds 'n tweeledige stelsel geskoei op ras en etniese skeiding. Teenoor die blanke universiteite verteenwoordigend van Engelse en Afrikaanse inrigtings, was die universiteit van Fort Hare, hoewel die eerste nie-rassige universiteit, 'n oorwegend swart inrigting. Die blanke Engelse universiteite het egter deurgaans 'n klein persentasie swart studente geakkommodeer.

Met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 word die hoofkenmerk van hierdie tweeledige stelsel een wat gebaseer is op diskriminasie en ongelykhede. Die Historiese Blanke Universiteite (Historical White Universities) (HWU's) ontwikkel as die *organic out-growth of an undemocratic political system* (Wolpe 1995: 277). Hierteenoor ontwikkel die Historiese Swart Universiteite (Historical Black Universities)(HBU's) as die *artificial outgrowth of racially motivated planning* (Wolpe 1995: 277).

Davies (1996: 323) aanvaar dat die regeringsoogmerke met die HWU's, spesifiek die Afrikaanssprekende inrigtings, uitsluitlik die bevordering en konsolidering van Afrikaner rykdom en politieke mag was. Hierteenoor is die HBU's, met hul regeringsaangestelde rade, tot stand gebring om die bantoestanbeleid van afsonderlike ontwikkeling van die onafhanklike etniese state te realiseer. Die opleiding van swart professionele beroepslui aan die HBU's was spesifiek gerig op behoeftevoorsiening in die bantoestans. Wolpe (1995: 278) identifiseer egter 'n veskuilde agenda, naamlik om deur middel van

minderwaardige voorsiening die ontwikkeling van 'n stedelike swart middelklas met sterk politieke en sosiale sentimente te saboteer. Die gevolg hiervan is dat die Suid-Afrikaanse universiteitswese eerste-, tweede- en derdeklas gegradueerdes geproduseer het (Switzer 1996: 55).

Volgens Switzer (1996: 55) se klassifikasie van kontakonderriguniversiteite in Suid-Afrika, verteenwoordig die Afrikaanssprekende HWU's (Stellenbosch, Pretoria, Potchefstroom, Oranje Vrystaat, Port Elizabeth, Randse Afrikaanse Universiteit) en die Engelssprekende HWU's (Kaapstad, Witwatersrand, Natal, Rhodes) die eerste vlak. Hierteenoor klassifiseer die universiteit van die Wes-Kaap wat vir bruin studente ontwikkel is en die universiteit van Durban-Westville wat vir Indiër studente tot stand gebring is, as die tweede vlak. Fort Hare, die eerste nie-rassige universiteit wat onder die apartheidsregering tot die bantoestanontwikkeling gevoeg is, resorteer ook as tweede vlak. Die derde vlak word beslaan deur die swart universiteite wat tydens die apartheidsjare spesifiek tot stand gebring is ter realisering van die bantoestanprojek. Die volgende agt universiteite word hier onderskei, naamlik: die universiteite van Transkei, Zululand en Venda, die universiteite van die Noorde en Noord-Weste, die outonome tak van die universiteit van die Noorde by QwaQwa in die Vrystaat, die Mediese universiteit van Suid-Afrika (MEDUNSA) en die universiteit Vista.

Ofskoon teen die agtergrond van 'n multikultureel, hoofsaaklik nie-Westerse samelewing, blyk dat die ongelykhede tussen die HWU's en HBU's hoofsaaklik die gevolg van doelbewuste diskriminerende apartheidsbeleid was.

1.2.2 Onrus op kampusse

Sedert hulle stigting het die HBU's oproer en onrus ondervind, in so 'n mate dat bykans geen jaar geïdentifiseer kon word as synde een gekenmerk aan ononderbroke akademiese werksverrigting nie. Die Soweto skole boikotaksies van 16 Junie 1976 het oorgespoel na die HBU's en 'n intensivering van die onrustoestand veroorsaak. Feitlik sonder enige

uitsondering na het hierdie boikotaksies gepaard gegaan met geweld. Die verloop van elke insident is gekenmerk aan 'n flegmaties stereotipe opmars, botsing met die polisie, klipgooiery, vandalisme, en afbranding van kampusgeboue. Die voltrekking hiervan is grootliks geïnisieer deur elke HBU se studente-organisasie en was telkens gerig op die *Whites as oppressors of Blacks* (Behr 1988:196).

Afgesien van die HBU's se daadwerklike pogings om van die wurggreep van regeringsbeheer en die stigma van minderwaardige onderwys te ontsnap, is alle hoër onderwysinrigtings in Suid-Afrika tot 'n mindere of meerdere mate nadelig deur die apartheidsbeleid getref. Die Engelssprekende HWU's was in konflik met die regering oor die verbod op toelating van swart, bruin en Indiër studente sonder spesiale permitte. Alle inrigtings het gebuk gegaan onder die effek van die akademiese boikot en isolasie van die internasionaal akademiese gemeenskap. Die gevolg was dat studente-organisasies, en in 'n mindere mate ook personeelverenigings, en baie studente en akademici in hul privaat hoedanigheid, betrokke geraak het by die stryd teen ongelykheid en rassediskriminasie.

Met die politieke stryd agter die rug was bestuursrade, akademici en studente vol verwagting vir 'n terugkeer na dit waaroor hoër onderwys eintlik gaan: die oordra van uitgedifferensieëde kennis en vaardighede in lesinglokale gekenmerk aan ordelikheid en rustigheid. Die hoop het egter beskaam en weer eens is hoër onderwysinrigtings in slagvelde gedompel. Hierdie keer was studente-aggressie gemik teen bestuursrade wat glad nie of nie vinnig genoeg gehoor gegee het aan hulle griewe en eise nie (Dlamini 1995:40). Die gevolg was dat 'n nuwe stryd, die een om transformasie van die Suid-Afrikaanse hoër onderwysinrigtings, besig was om te ontplooi.

1.2.3 Kommissies van ondersoek na hoër onderwys in Suid-Afrika

Oor 'n tydperk van meer as 20 jaar is verskeie kommissies aangestel en is verskeie verslae oor hoër onderwys in Suid-Afrika uitgebring. In die lig van transformasie ter wille van 'n meer regverdig bestel kan hierdie ondersoeke in twee teenoorstaande groepe verdeel

word: 'n eerste groep ondersoek met rasseskeiding as hoofteema en 'n tweede groep met rassegelykheid as uitgangspunt.

Die Van Wyk De Vries-kommissie (RSA DNE 1974) as 'n eerste van sodanige ondersoek en behorende tot die eerste groep van rasseskeiding, het as opdrag gehad die ondersoek na en verslaglewing oor alle sake rakende die blanke universiteitswese in Suid-Afrika. Hierby ingesluit was die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA). In hierdie omvattende verslag is baie aandag gegee aan die funksionering van die universiteit as 'n inrigting, studente aangeleenthede, finansies, en toekomstige beleid met betrekking tot die ontwikkeling van die universiteitswese.

Wat betref die funksionering as 'n onderwysinrigting is die volgende sake bespreek: die omvang en kwaliteit op voor- sowel as nagraadse vlak, die grootte van klasse, die lengte van die akademiese jaar, die hoë uitvalsyfer van eerstejaarstudente, die metodes van onderrig en navorsing, en die voorgeskrewe kwalifikasies vir die verskillende dosenteposte.

Met betrekking tot studente aangeleenthede is die fasiliteite noodsaaklik vir gesonde geestelike sowel as liggaamlike rekreasie ondersoek. Die verhouding tussen studente en akademiese, die handhawing van 'n positiewe gees, en die ideale gedragskode op die kampus van 'n moderne universiteit, is bespreek. Aandag is ook gegee aan die moontlikheid van groter mobiliteit tussen universiteite.

Betreffende finansies en die universiteit het die klem op die postestruktuur geval, sowel as op die dosent/studente ratio en salarisskale van akademiese personeel, laasgenoemde wat as bepalende faktor vir die werf en behoud van hoë gehaltevoorsiening figureer.

Toekomstige beleid met betrekking tot die universiteitswese het die ondersoek na die behoefte aan hoër onderwysvoorsiening binne die swart stedelike gebiede voorgestel. Dit

het daartoe aanleiding gegee dat die Viljoen-kommissie in 1980 'n verslag aan die regering voorgelê het waaruit geblyk het dat sodanige behoefte beduidend is.

Dat die Van Wyk De Vries-verslag betekenisvolle aspekte ter verbetering van die universiteitswese ondersoek het, is nie te betwyfel nie. Dat dit binne die tydperk van rasseseiding plaasgevind het, maak dit vir die huidige situasie egter onvolledig. Dat dit die ondersoek na swart behoeftevoorsiening geïnisieer het, dui op visie hoewel binne die subjektiewe beperking van die apartheidsbeleid.

Die daaropvolgende De Lange-verslag van 1981 oor onderwys, ook behorende tot die eerste groep met as uitgangspunt rasseseiding, het, hoewel nie as hoofopdrag die ondersoek na hoër onderwys nie, wel enkele belangrike waarnemings daaroor gedoen. Die verslag veroordeel die rigiede toelatingsvereistes van universiteite en hul traagheid om meer praktiese beroepsgerigte kursusse aan te bied. Die verslag pleit ook vir 'n beter mobiliteit tussen die verskeie inrigtings (HSRC 1981).

'n Volgende belangrike ondersoek na die universiteitswese op makrogebied, wat ook tot die eerste groep van rasseseiding behoort, is in 1987 deur die Komitee van Universiteitshoofde (Committee of University Principals) (CUP) geloods. Van die vernaamste aanbevelings was dat geen rigiede eenvormigheid op universiteite afgedwing moet word nie aangesien elke inrigting sy eie karakter binne sy besondere sosiale en kulturele omgewing het (CUP 1987). Elke inrigting moet egter tegelykertyd waak teen eng eksklusiwiteit waartydens die eie behoeftes tred verloor met die van die groter gemeenskap. Die Komitee waarsku ook teen die toenemende appèl op universiteite vir 'n meer beroepsgerigte benadering ten koste van basiese navorsing. In die proses sal die universiteit sy posisie van *a centre of academic and scientific endeavour* inboet en verander in *a loose affiliation of vocational schools, a utilitarian knowledge-industry having a mere short-term expediency value* (CUP 1987: 24). Die Komitee beklemtoon dat die universiteit, in sy voldoening aan samelewingsbehoefte, nog steeds akademiese uitnemendheid en intellektuele kreatiwiteit voorop moet hou. Die komitee waarsku ook

teen die geweldige groei van hoë risikostudente wie se kwalifikasies nie in die arbeidsmark in aanvraag is nie en wys op die gevaar wat dit vir langtermyn ekonomiese groei sal inhou (CUP 1987:26).

Met hierdie Komitee van Universiteitshoofde-verslag, hoewel nog in die tydperk van boikotte en isolasie, is die aspekte noodsaaklik vir volgehoue uitnemendheid sowel as die noodsaak aan gemeenskapsdiens vir ekonomiese groei en internasionale mededinging, uitgelig.

Meer onlangse ondersoeke na onderwys in Suid-Afrika wat tot die tweede groep ondersoeke met 'n rassegelykheidsgrondslag behoort, is die Educational Renewal Strategy (ERS) van die Departement van Nasionale Opvoeding en die National Education Policy Investigation (NEPI). Die ERS is veral van transformasiebelang aangesien dit die weg vir gelyke onderwysvoorsiening, weg van enige rasseseiding, baan. Die verslag kondig aan dat *race should not feature in structuring the provision of education in a future education system for South Africa and justice in the provision of educational opportunities must be ensured* (RSA DNE 1992: 16). Die NEPI-verslae wat onderneem is deur nie-regeringsgroepe onder leiding van die Nasionale Onderwys Koördineringskomitee, bespreek in sy verslag oor post-sekundêre onderwys verskeie sake waaraan in 'n nuwe hoër onderwysmodel aandag gegee moet word. Sake soos toetrede, herstel, kwaliteit, bestuur, ontwikkeling en finansies word bespreek (NECC 1992). Hiermee word die raamwerk gevestig vir toekomstige ondersoeke na die daarstel van 'n gelyke hoër onderwysvoorsiening.

Ondersoeke na hoër onderwysbeleid is ook op 'n kontinue grondslag deur die Education Policy Unit (EPU) van die Universiteit van die Wes-Kaap en die Union of Democratic University Staff Associations (UDUSA) onderneem.

Die eerste amptelike ondersoek na hoër onderwys in die nuwe Suid-Afrika is die van die Nasionale Komitee van Hoër Onderwys (National Commission on Higher Education)

(NCHE) soos in opdrag van presidensiële afkondiging op 3 Februarie 1995. Die NCHE het as taak gehad die ondersoek na en beleidsaanbevelings oor alle sake rakende hoër onderwys met die oog op transformasie ter wille van 'n meer regverdig bestel wat tot voordeel van al die inwoners van die land sal wees. Aanvullend tot die Raamwerk en Koördineringskomitee, het die NCHE bestaan uit vyf taakgroepe, naamlik die taakgroep vir die huidige situasie; toekomstige behoeftes en prioriteite; bestuur, finansies en kurrikulum; institusionele raamwerk; kwalifikasieraamwerk. Elke taakgroep is gerugsteun deur sy eie tegniese komitee.

By wyse van interaktiewe beraadslaging tussen die ministerie en hoër onderwysverteenwoordigers is insette gelewer, terreinbesoeke onderneem en tussentydse verslae uitgebring wat na nasionale sowel as internasionale beoordeling, in 'n finale dokument gepubliseer is. Hierdie finale dokument, "A framework for transformation", is in Oktober 1996 gepubliseer, ses maande na die publisering van die besprekingsdokument in April 1996.

Ministeriële reaksie hierop is gemanifesteer in die publikasie van die Groenskrif op die Transformasie van Hoër Onderwys wat in Desember 1996 verskyn het. Na twee reekse aaneenskakelende beraadslagingsessies met hoër onderwysverteenwoordigers is 'n konsepwitskrif en 'n konsepwetsontwerp op hoër onderwys in April 1997 gepubliseer. Dit is gevolg deur die publikasie van die finale Witskrif op Hoër Onderwys in Augustus 1997.

Op 19 Desember 1997 word 3 jaar se intensiewe ondersoeke na, beraadslagings oor en die uitbring van tussentydse en finale verslae, finaal bekragtig met die ter perse gaan van die Wet op Hoër Onderwys, wet 101 van 1997. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die land word hoër onderwys in Suid-Afrika deur een enkele nasionale wet beheer en ontwikkel. Hierdie Wet op Hoër Onderwys vervang die Wet op Universiteite, 1995 (Wet no 61 van 1995), die Wet op Tersiêre Onderwys, 1988 (Wet no 66 van 1988), en die Wet op Teknikons, 1993 (Wet no 125 van 1993). Die Wetsontwerp laat egter die privaat wette van individuele universiteite, wat 'n erfenis van die koloniale en statebondstradisie

van universiteitsbestuur is, onaangetas. Hiermee is die pad gebaan vir die voldonge transformasie van hoër onderwys in Suid-Afrika ten einde 'n enkele, regverdigde voorsiening wat in tred met landsbehoefte is, te bewerkstellig.

Hierdie transformasieproses wat besig is om aan hoër onderwysinrigtings in Suid-Afrika te voltrek, is nie 'n universeel seldsame verskynsel nie. Verder voltrek hierdie proses, soos reeds genoem, teen die agtergrond van internasionale blootstelling.

1.2.4 Internasionale tendense en die transformasie van hoër onderwys

Deur die eeue is hoër onderwys as agent vir sosiale, ekonomiese en politieke verandering gebruik. Van die bekendste voorbeelde is die Von Humboldt universiteit in Duitsland wat in 1809 deur Wilhelm von Humboldt gestig is met as beplande missie die inisiëring van samelewingsverandering (Perkin 1991: 186). Ook die Imperiale universiteit van Japan het as hoofdoel gehad die ontwikkeling van 'n hoogsgeskoolde burgers met 'n toegewydeheid aan die Mikado regering (Kwiatkowski 1990: 397). Die Amerikaanse "land grant" universiteit het byvoorbeeld ook daadwerklik bygedra tot die ekonomiese en sosiale herstel van die Verenigde State van Amerika (VSA) na die Amerikaanse Burgeroorlog deur die voorsiening aan *almost all of the economic and political segments of society* (Kerr 1995: 36).

Verder het die appèl van godsdiensgroepe in die VSA daartoe bygedra dat kolleges gestig is waar 'n spesifieke etiek met sy besondere behoortlikheidsese onderrig is (Cowen 1996(a): 246). In Brittanje is 'n hele aantal universiteite in die industriële stede van die Noorde gestig ten einde tred te hou met die ekonomiese kompetisie afkomstig van Duitsland en die VSA (Sanderson 1972). En in Duitsland is, afgesien van Von Humboldt se poging, verskeie ander universiteite onder druk van die Duitse Imperiale Regering omvorm ter wille van ekonomiese en ook militêre vooruitgang (Gellert 1993).

Vanaf die middel van die twintigste eeu was die algemene persepsie in ontwikkelde lande dat formele onderwys tot opwaartse mobiliteit van die minderbevoorregtes sal bydra. Onderwys is gesien as die groot gelykmaker van die samelewing (Coombs 1985: 66). Die logiese gevolg vir hoër onderwys was die buitengewone toename in studente inskrywings as deel van die menslike kapitaalvormingsteorie (Coombs 1985: 67). Hierdie toestroming van studente wat 'n transformasie van die universiteit se ivoortoringkarakter tot gevolg gehad het, het ook neerslag gevind in die ontwikkelende lande. Vir die tydperk 1960 tot 1975 het studente inskrywings in ontwikkelende lande van 1,5% tot 4,4 % toegeneem (Farrell 1982). Van belang is dat hierdie uitbreiding egter net 'n vergroting vergestalt het met geen ander veranderings ter wille van 'n meer gediversifiseerde studentekorps nie. Coombs (1985: 68) wys daarop dat *students in the mass were subject to the same regiment of instruction and standards of performance, without regard to their varying interests and aptitudes and this led to some serious problems of maladjustment*. Hierdie wanaangepastheid manifesteer in volgehoue, substansiële ongelykhede en agterstande in onderwys, wêreldwyd, sowel as in Suid-Afrika (Unesco 1993). In hierdie verband beklemtoon Van Niekerk (1996: 213) dat met reg aanvaar kan word dat die moderne vooruitgangsidee met behulp van onderwys, nie in die praktyk die bevryding van armoede en ongelykheid teweeggebring het nie.

In hierdie laaste jare van die twintigste eeu met postmodernistiese tendense soos die relatiewiteit van kennis, globalisering, internasionalisering en die inligtingstydperk dinamiek, ontwikkel 'n nuwe appèl op hoër onderwys om te transformeer. Die druk nou is vir ekonomiese relevansie, doeltreffende implementeerbaarheid en internasionale beweeglikheid (Cowen 1996(a); Cowen 1996(b); Goodenow 1996; Jencks 1996; Kenway 1996).

Gesien in die lig van Suid-Afrika se nuutverworwe lidmaatskap tot die internasionale wêreld, moet voorgaande tendense in ag geneem word in 'n bestudering van die effektiewe voltrekking van die transformasieproses aan hoër onderwysinrigtings ter wille van 'n meer regverdigte bestel.

1.3 AFBAKENING VAN DIE STUDIETERREIN

1.3.1 Onderwysbestuur

Die kernonderwerp van hierdie studie behels die bestuur van transformasie aan hoër onderwysinrigtings in 'n postmodernistiese tydperk. Hieruit is dit logies af te lei dat bestuur, en wel die bestuur van 'n onderwysorganisasie, betrekking het.

Die bestuur van organisasies en sisteme is gerig op die optimale benutting van hulpbronne - menslik sowel as nie-menslik - ten einde gestelde doelwitte te verwesenlik. Onderwysbestuur as 'n deeldisipline van die Opvoedkunde word deur Paisey (1981: 3) gedefinieer as *the particular process of relating resources to objectives required in organizations which explicitly exist to provide education.*

In hierdie bymekaarbring van hulpbronne en doelwitte, voltrek onderwysbestuur aan die hand van die volgende proses (Everard & Morris 1996):

- 1) die daarstel van 'n sekere rigting met voorgenome langtermyn doelstellings sowel as korttermyn doelwitte.
- 2) beplanning ten einde te bepaal hoe vordering gemaak gaan word of hoe doelstellings en doelwitte bereik gaan word.
- 3) organisering van alle beskikbare hulpbronne - mense, tyd, fasiliteite, programme - sodat die doelwitte en doelstellings in die beplande tyd ekonomies verantwoordbaar bereik kan word.
- 4) kontrolering van die proses by wyse van meting en evaluering ten einde vas te stel tot hoe 'n mate die werklike prestasie van die beplande een afwyk. Dit impliseer dan 'n vasstelling van die omvang van die afwyking en die daarstel van regstellende en dissiplinêre stappe ten einde 'n terugkeer te bewerkstellig.
- 5) die daarstel en verbetering van organisatoriese standaarde soos wat gestelde doelwitte en doelstellings bereik word.

Met betrekking tot die winsmotief in die voltrekking van hierdie proses verskil onderwysbestuur van gewone bestuur deurdat die winsmotief vir onderwysbestuur verbeterde onderrig en leer impliseer (Berkhout & Berkhout 1992).

Dit is 'n universele tendens dat vir die afgelope vyftien jaar toenemende klem op onderwysbestuur geplaas word ten einde by te dra tot die sosio-ekonomies, politiese veranderings van die samelewing (Johnson 1995: 223). Betreffende die bestuur van hoër onderwysinrigtings in die besonder, is hierdie klem veral toe te skryf aan die volgende uitdagings: Op politieke gebied voltrek die eis om demokratisering en deelnemende besluitneming. Die sosiale verwagting hou verband met vergrote innames ter wille van verhoogde mobiliteit hoewel teen die agtergrond van steeds skaarser hulpbronne. Op tegnologiese gebied staan hoër onderwys voor die uitdaging om as hoofrolspeler tot die land se kennisgebaseerde ekonomiese groei by te dra (vergelyk hoofstuk 2). Hierdie universele druk op onderwysbestuur as fasiliteerder van samelewingsverandering het in Suid-Afrika as hooftema die volgende media-opskrif soos opgeteken deur Salmi en Verspoor (1994:412): *South African tertiary institutions have been freed from all racial restrictions governing admission of students.*

Afgesien egter van die verwagting van effektiewe fasiliteerder van samelewingsverandering, word hierdie verhoogde fokus op onderwysbestuur ook gerig deur die erkende korrelasie tussen hoë kwaliteit bestuur en effektiewe onderwysinrigtings (Roode 1995: 5).

Met betrekking tot die voorgenome studie is dit ook gerig op die beskrywing en interpretasie van die onderwysbestuursproses van optimale benutting van skaars hoër onderwys-hulpbronne ten einde samelewingsverandering te fasiliteer. Hierdie optimale benutting om samelewingsveranderde behoeftes te akkommodeer, geskied ter verwesenliking van die gestelde doelstellings van 'n meer regverdig hestel binne ekonomiese vooruitgang en het as winsmotief meer doeltreffende en uitnemende onderrig en leer.

1.3.2 Vergelykende Opvoedkunde

Altbach, Arnove en Kelly (1982:3) definieer die objektsgebied van die Vergelykende Opvoedkunde as volg: *Comparative Education examines how countries plan for the expansion, upgrading, and democratization of their education systems.*

Bondesio en Berkhout (1987:1) beklemtoon egter dat onderwysstelsels funksionerende samelewingsstelsels is wat in 'n bepaalde verband tot ander subsisteme in die samelewing staan. Dit het tot gevolg dat nie alleen die funksionering van onderwysstelsels nie, maar veral ook die wisselwerking van die stelsel(s) met die samelewing, integrale aspekte van die studieterrein van die Vergelykende Opvoedkunde uitmaak. Noah en Eckstein (1969: 114) bevestig dit deur daarop te wys dat *Comparative Education is the attempt to use cross-national data to test propositions about the relationship between education and society.*

Hierdie wisselwerkingsverhouding tussen die samelewing en die onderwysstelsel kan aan die hand van Idenburg (1972) se wisselwerkingsmodel omskryf word. Daarvolgens word binne elke samelewing ses maatskaplike kragte geïdentifiseer te wete die ekonomiese sisteem, die sosiale sisteem, die politieke sisteem, die bevolkingsfaktor, wetenskap en tegniek en godsdiens en wêreldbeskouing. Onderlinge interaksie tussen hierdie samelewingskragte enersyds en institusies (waaronder ressorteer die skool, universiteit, kerk, beroepswêreld, staat, media, ens.) andersyds en tussen institusies en samelewingskragte, maak saam deel uit van die samelewingsfunksionering.

Die totale breek met apartheid en die wegbeweeg na 'n volle demokrasie het ingrypende sosio-ekonomiese en politieke veranderinge vir Suid-Afrika tot gevolg. Hierdie veranderinge in die onderskeie samelewingsstelsels oefen druk op hoër onderwysinrigtings uit om te transformeer. Dit alles geskied teen die agtergrond van die

toenemende aanwesigheid van postmodernistiese tendense op al die terreine van hierdie samelewingsfunksionering.

Met die voorgename studie word gepoog om hierdie transformasieproses van die plaaslike hoër onderwysstelsel te bestudeer, met inagneming van die wisselwerkende beïnvloedingstendense soos voortspruitend uit 'n universeel postmodernistiese “tydvak”.

1.4 PROBLEEMSTELLING

1.4.1 Probleembewuswording

Die konsep mens-in-die-wêreld word geklassifiseer as 'n ontologies, onwegdinkbare essensie van menswees wat dui op die wesenlike opmekeer-afgestemdheid van die mens en sy wêreld. In hierdie verband merk Wielemans (1984:4) op dat: *Mens en wereld, beide onvoltooid, staan voortdurend so nauw in relatie met elkaar, dat de mens, wanneer hij de wereld verandert, de gevolgen van zijn eigen verandering ervaart en, door zelf te veranderen, de wereld verandert. De mens staat zo in de wereld, dat hij de wereld altijd veranderen wil. Ook de bezinning heeft slechts waarde als ze ingeschakeld wordt in actie.*

Dit impliseer dat die mens, in sy betrokkenheid by die werklikheid, 'n wesenlike behoefte ervaar aan 'n rasonale verklaring van die werklikheid wat dan lei tot die ontdekking van die moontlikheid om die werklikheid te beheer. In hierdie proses van toenemende beheersing van die werklikheid, ontstaan probleme. Dit is so dat 'n verskynsel gewoonlik reeds geruime tyd in die werklikheid bestaan en ook reeds vir 'n geruime tyd deel van die mens se ervaringsbesit is, alvorens dit as probleem beleef word. 'n Probleem word meestal as sodanig beleef in die lig van veranderde omstandighede.

Die beëindiging van apartheid dui op 'n ingrypend, veranderde situasie vir Suid-Afrika. Die basiese probleem hieruit voortspruitend is hoe om by die nuwe situasie aan te pas. Uit hierdie basiese probleem ontstaan veelvuldige besondere probleme vir die onderskeie

samelewingssubsteme en samelewingsinstitusies. Een van hierdie spesifieke probleme hou verband met die transformasie van hoër onderwysinrigtings.

1.4.2 Vraagstelling

Een van die onwegdinkbare essensies van menswees is *vraende-in-die-wêreld-wees* (Landman 1977:203). Dit funksioneer as 'n algemeen inisiërende motief wat nie alleen tot die bewusword van 'n probleem lei nie, maar ook tot die oopdekking en analisering daarvan. Die voltrekking hiervan het as finaliteitsmotief die uiteindelijke verwerwing van kennis ter wille van 'n beter begryping en beheersing van die probleem.

Die beëindiging van apartheid en Suid-Afrika se poging tot 'n meer regverdige samelewingsbestel het tot gevolg dat hoër onderwys moet transformeer ten einde tot die realisering van hierdie nuwe situasie by te dra. Dit geskied teen die agtergrond van 'n toenemend postmodernistiese wêreldsituasie waaraan Suid-Afrika, vanweë die opheffing van boikotaksies, nou blootgestel is. Hieruit ontstaan die volgende probleem:

Hoe kan die transformasieproses van hoër onderwysinrigtings effektief bestuur word binne 'n samelewingsituasie gekenmerk aan toenemende postmodernistiese tendense?

Uit hierdie basiese vraag tree ses subvrae na vore, naamlik:

- Wat is die kenmerke van die postmodernistiese situasie?
- Wat behels die uniekheid van hoër onderwys as onafhanklike fenomeen?
- Waarop dui die konsep transformasie binne die konteks van hoër onderwys?
- Wat behels die transformasie van hoër onderwys in Suid-Afrika, gesien in die lig van postmoderne beïnvloedingstendense?
- Hoe voltrek hierdie postmoderne transformasieproses wesenlik?
- Hoe kan hierdie postmoderne transformasieproses effektief bestuur word?

Om hierdie vroeë verantwoordbaar te ondersoek ter wille van 'n beter begrip van die probleem, moet daar aan die hand van weldeurdagte doelstellings gewerk word.

1.5 DOELSTELLINGS

Suid-Afrika se blootstelling aan en beïnvloeding deur die postmodernistiese situasie noodsaak 'n ondersoek na die kenmerke en manifestasies van postmodernisme binne elk van die onderskeie samelewingssubsteme. Daarom word hoofstuk twee aan 'n analisering van die manifestasie van postmodernistiese tendense op die terrein van die wetenskap en tegnologie, die ekonomiese terrein, die politieke terrein en die sosiale terrein - laasgenoemde waarby godsdiens en wêreldbeskouing inbegrepe is, gewy.

Hoër onderwys manifesteer as 'n unieke fenomeen, gekenmerk aan 'n besondere aard en spesifieke missiestelling. Ten einde die transformasie van hoër onderwys beter te begryp, is dit noodsaaklik om eers tot 'n beter begrip van hoër onderwys as unieke fenomeen te kom. Daarom word hoofstuk drie aan 'n beligting van hoër onderwys met betrekking tot sy unieke karakter gewy.

Aangesien transformasie die sleutelbegrip van hierdie studie uitmaak is dit van belang om vir 'n oomblik hierby stil te staan. Hoofstuk vier word daarom in beslag geneem deur die konsep van transformasie na sy semantiese inslag, aard en voltrekkingswerking met 'n beligting van voltrekkingsvoorwaardes ten einde suksesvolle resultate te verkry. Dit geskied telkens binne die konteks van hoër onderwys.

Hoofstuk vyf word gewy aan die verkryging van 'n geheelbeeld van die begrip *transformasie* soos wat dit vir hoër onderwys in Suid-Afrika in die vooruitsig gestel is. Ten einde daartoe in staat te wees om die transformasie van hoër onderwys kwalitatief aan die hand van spesifieke hoër onderwysinrigtings binne die Gauteng Provinsie te bestudeer, is dit eerstens van belang om 'n geheelbegrip van die proses te verkry. Die doel hiermee is om vas te stel wat die aard en wese van hierdie unieke transformasieproses behels, gesien

teen die agtergrond van toenemende postmodernistiese beïnvloedingstendense. Hierdie geheelstruktuur word aan die hand van vyf substrukture bespreek, naamlik:

- nasionale en institusionele beheer
- finansiering
- studente aangeleenthede
- akademiese personeel
- kurrikulumhervormings

Die fisiese implementering van die transformasieproses, soos wat dit besig is om aan Suid-Afrikaanse hoër onderwysinrigtings te voltrek, word in hoofstuk ses onderneem. In hierdie kwalitatiewe ondersoek word gefokus op hoër onderwysinrigtings binne die Gauteng Provinsie. Die keuse van spesifiek hierdie provinsie word gemotiveer deur die feit dat daarvolgens die volledige spektrum van hoër onderwysinrigtings in Suid-Afrika, soos gedefinieer in paragraaf 3.2.1, gedek word, naamlik:

A. Kontakonderriguniverteite

- 'n Afrikaanssprekende sowel as Engelsprekende HWU
- 'n HBU

B. 'n Afstandsonderriguniverteit

C. 'n Kontakonderrigtechnikon

D. 'n Afstandsonderrigtechnikon

E. 'n Onderwyskollege

F. 'n Privaatvoorsiener

Met hierdie kwalitatiewe ondersoek word gefokus op die daarstelling van moontlike riglyne vir die effektiewe bestuur van die postmoderne transformasie van hoër onderwysinrigtings. Daarom sal, in die daarstelling hiervan, uitsluitlik gefokus word op die invloed soos voortspruitend uit die postmodernistiese 'tydvak'.

Die sewende en laaste hoofstuk behels eerstens 'n opsomming in die vorm van afleidings. Hiermee word die essensiële inligting van hierdie studie saamgevat ter wille van 'n beter

begrip van die kernsituasie. Tweedens word bevindings met hierdie studie aangedui en laastens word aanbevelings met die oog op verdere navorsing gedoen.

Die skematiese voorstelling van hierdie navorsingsprogram geskied aan die hand van 'n vloeiagram soos vergestalt in figuur 1.1 aan die einde van hierdie hoofstuk.

1.6 BEGRIPSVERKLARING

Die volgende begrippe vereis nadere omskrywing vanweë hul besondere teenwoordigheid in hierdie navorsingsprogram:

Bestuur: Die deeglike beplanning, doeltreffende organisering, simpatieke leidinggewing en sorgvuldige kontrolering van alle aktiwiteite binne die organisasie ter wille van die realisering van die vooropgestelde organisasiedoelwitte. Die mate van effektiwiteit van hierdie realiseringsproses word bepaal deur die bestuurder(s) se vermoë tot betekenisvolle kommunikasie, suksesvolle delegering, weldeurdagte besluitneming, empatiek-besielende motivering, en konseptuele koördinerings.

Hoër onderwys: In Suid-Afrika omvat dit alle onderwysprogramme wat as afloop het 'n kwalifikasie hoër as die voorgestelde Verdere Onderwys en Opleiding sertifikaat. Dit omsluit alle universiteite, teknikons, kolleges en gediversifiseerde, na-skoolse privaatvoorsiensers. Binne hierdie konteks word die terme hoër onderwys, tersiêre onderwys en naskoolse onderwys as een en dieselfde begrip hanteer.

Postmodernisme: As korrigerende verlengstuk van die modernisme poog die postmodernisme tot 'n herstel van die wanbalans deurdat dit die oordrewe rasionalisme van die modernisme wil uitbalanseer en aanvul met klem op ander funksies en aspekte van menswees. Hierdie korrigerende aanvulling voltrek aan die hand van die totale samelewingsterrein. Op die wetenskap en tegnologiese terrein manifesteer dit in die toenemende relatiwiteit van kennis. Die globaliseringsdruk op 'n wêreldmark-

mededingingsvermoë verteenwoordig die ekonomiese terrein manifestasie. Op politieke gebied realiseer die oorweldigende behoefte aan regstelling deur middel van insluiting van almal en akkommodering van alles. Op die sosiale terrein ontwikkel 'n toenemende behoefte aan sinbeleving met die appél daarvan op relevansie en implementeerbaarheid. Begrippe met 'n hoë frekwensiewaarde binne hierdie postmoderne benadering is die volgende:

Globalisering: die opheffing van tyd en ruimte as beperkende faktore ten opsigte van finansiële markte, produksie, kommunikasie en kulturele aspekte.

Internasionalisering: die sosiale, politieke en ekonomiese invloed van buite 'n spesifieke samelewing op daardie samelewing se waardesisteem, aktiwiteite en handelinge.

Inligtingstegnologie: die tegnologie aan die hand waarvan alle moderne inligting en kennis gegenerereer, gestoor, versprei, en uitgebrei word.

Internet: die stelsel aan die hand waarvan moderne inligting, met behulp van rekenaar- en telefoonnetwerke, wêreldwyd uitgeruil word.

Post-Fordistiese produksie: die 'net betyds' produksiebenadering van aanbod toegespits op aanvraag met klem op die waarde van 'n multivaardigheidsgeskoolde werksmag wat soepel aangewend moet word.

Transformasie: 'n Metamorfiese, in-diepte verandering van die omvattende status quo. Hierdie gedaanteverwisseling manifesteer in die oorbring in 'n totaal ander vorm en aard. Ter sprake is nie alleen die herkonstruksie van samelewingstrukture en institusies nie, maar ook die fundamentele verandering van houdings en verhoudings. Hierdie paradigmaskuif in houdings en verhoudings is nie net van toepassing op die onderlinge interaksie tussen mense nie, maar ook op die verhouding tussen die mens en sy fisiese omgewing. In wese vergestalt hierdie begrip die agterlaat van die een skip ter wille van die bestyging van 'n totaal ander skip.

Billikheidsregstelling: Die evaluering van vermoëns en potensiaal met inagneming van huidige omstandighede en sosio-ekonomiese verlede.

NAVORSINGSMETODES

In hierdie navorsing word daar van die volgende navorsingsmetodes gebruik gemaak:

- 'n Literatuurstudie wat eerstens gerig is op die konsep postmodernisme, tweedens op die konsep transformasie binne die konteks van hoër onderwys, en derdens op die voorgestelde transformasie van hoër onderwys in Suid-Afrika.
- Etnografiese waarneming by wyse van langdurige observering gerugsteun deur die bywoon van vele werksinkels, seminare, konferensies, en vergaderings, sowel as die volgehoue navolging van medianuusdekkings oor die onderwerp.
- Kwalitatief in-diepte onderhoudvoering met respondente wat oor 'n uitnemende kennis van die nagevorsde onderwerp beskik.
- Kwantitatief statistiese ontledings met betrekking tot spesifieke transformasie-aspekte.
- 'n Verbandlegging tussen interne transformasieprosesse, postmodernistiese tendense en effektiewe bestuur.

1.7 SLOTOPMERKING

Die beëindiging van apartheid het tot gevolg dat ook hoër onderwys aan transformasie onderwerp word aangesien veranderde realiteite - plaaslik sowel as internasionaal - veranderde behoeftes genereer. 'n Meer regverdige bestel vir die Suid-Afrikaanse samelewing bestaande uit 'n klein ontwikkelde en oorwegend ontwikkelende groepering, realiseer teen die agtergrond van postmodernistiese beïnvloedingstendense. Uit die probleemstelling en doelstellings blyk dit dat met hierdie navorsing gepoog word om vas te stel waarom wat aan transformasie onderwerp word en hoe dit moontlik suksesvol bestuur kan word.

Skematies sien hierdie navorsingsontwerp as volg daar uit:



Figuur 1.1

NAVORSINGSTRUKTUUR

DIE BESTUUR VAN TRANSFORMASIE VAN HOËR ONDERWYS IN DIE GAUTENG PROVINSIE: 'N POSTMODERNISTIESE PERSPEKTIEF

'n Studie van Postmodernisme

- Korrigerende verlengstuk
- Wetenskap & Tegnologiese terrein
- Ekonomiese terrein
- Politieke terrein
- Sosiale terrein

'n Studie van Hoër Onderwys

- Binne onderwysstelsel konteks
- Unieke aard
- Missie, doel & funksies
- Fundamentele waardes

'n Studie van Transformasie

- Definisie
- Funksioneringsproses van Hoër onderwys
- Faktore binne voltrekkingsproses
- Fundamentele feite en voltrekkingsproses

'N STUDIE VAN DIE POSTMODERNE TRANSFORMASIE VAN HOËR ONDERWYS IN SA

Hoër onderwys in 'n demokratiese Suid-Afrika			Postmoderne transformasiebestuur	
<ul style="list-style-type: none"> • Gebreke in die stelsel • Missie, doel & funksies • 'n Enkele gekoördineerde stelsel • SAQA en die NQF 	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale & Institusionele beheer • Finansiering • Studente • Akademiese personeel • Kurrikulum 	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Kwalitatiewe ondersoek van agt Hoër onderwysinrigtings in die Gauteng Provinsie 		

2

POSTMODERNISTIESE TENDENSE EN DIE INVLOED DAARVAN OP HOËR ONDERWYS

2.1 INLEIDING

Dit is so dat postmodernisme veral binne die ontwikkelde samelewings van die VSA, Wes-Europa, Australië en Nieu-Seeland, sterk figureer. Jarvis (1996:233) beklemtoon dit egter dat die ontwikkelende samelewings hulleself in die doodsnikke van die moderne tyd en op die drumpel van die postmodernistiese “tydvak” bevind.

Hierdie postmodernistiese “tydvak” word bevestig deur kontemporêre tendense soos byvoorbeeld wêreldmarkte wat teweeg gebring word deur firmas met internasionale vertakkinge, die geweldige tempo van die inligtingstechnologie met sy herdefiniëring van tyd en ruimte, en die laat-kapitalisme met sy beklemtoning van verbruikersdruk. Hierdie kwantum-elektroniese tydvak word verder bevestig deur die oorskryding van *onmoontlike* grense, letterlik soos deur die talle ruimtereisontdekkings en figuurlik soos onder andere deur die moontlikheid van menskloning.

Hoewel verskeie kundiges verskillende opinies oor die veelvuldige manifestasies van postmodernisme het, volstaan Jencks (1996:6) dat: *We are well past the age when we can merely accept or reject this new “ism”; it is too omnipresent and important for either approach. Rather we have to ask about its emergent possibilities, ask “what is it?”, and then decide selectively to support and criticise aspects of the movement.*

Ten einde daartoe in staat te wees om die invloed van postmodernisme op die transformasie van hoër onderwys in Suid-Afrika te bepaal, word Jencks se advies vervolgens gevolg.

2.2 DIE BEGRIP POSTMODERNISME

Van Niekerk (1996:210) wys daarop dat die begrip postmodernisme nie maklik definieerbaar is nie. Die rede hiervoor spruit eerstens uit die feit dat postmodernisme 'n omvangryke terrein dek. Verder huisves dit 'n verskeidenheid standpunte. Laastens is dit so dat die wêreld hom tans midde in die sogenaamde oorgangstydperk na die postmoderne tydvak bevind en die mens daarom nog nie oor die nodige historiese afstand beskik om 'n gebalanseerde oordeel daaroor te kan vel nie.

Wat omvangrykheid aanbetref wys Aronowitz en Giroux (1993:60) op die verskeidenheid van sub sisteme wat deur die postmodernisme beïnvloed word, soos die musiek, fiksie, filmbedryf, toneel, argitektuur, antropologie, sosiologie, beeldende kunste, onderwys, ens. Jencks (1996:6) bevestig die huisvesting van 'n verskeidenheid wyduiteenlopende standpunte binne die postmodernisme. Wat die postmoderne politiek byvoorbeeld aanbetref, wissel dit van die politieke oortuiging van 'n Margaret Thatcher en 'n Tony Blair tot die soeke na 'n nuwe liberalisme wat multikulturalisme en universele menseregte kombineer. Selfs die voedselspyskaart word nie ontsien nie: *post-modern food varies from Cambozola (Camembert and Gorgonzola improved by combining) to California Cuisine (French plus Pacific Rim plus supposedly healthy)* (Jencks 1996:6).

Ook die voorste kundiges van die postmodernisme huldig verskillende vertolkings van die begrip. Lyotard (1984: 4) definieer postmodernisme as 'n totale afwys van alle vorme van vasstaande kennis. Volgens hom is die begrip postmodernisme onlosmaaklik verbind aan die veranderende manifestasie van kennis en tegnologie wat tot gevolg het dat 'n veranderde sosiale bestel die geïkte gewoontes, perspektiewe en interpretasies van die moderne situasie ondermyn. Postmodernisme word vergestalt deur die diffusie van

rekenaars, wetenskaplike kennis, gevorderde tegnologie en elektroniese teks, elk hiervan wat die diversiteit en die relatiewiteit van kennis bevorder. Die totale bemeesteringsgedagte van die moderne benadering word deur die postmodernistiese perspektief van 'n onstabiele, nihilistiese wêreld waarin kennis konstant verander, vervang (Lyotard 1984: 7-8). Die afleiding hieruit sou gemaak kon word dat die enigste vasstaande begrip vir Lyotard die feit is dat kennis deurgaans relatief is en onderworpe aan gedurige verandering.

Jencks (1996: 15) en Aronowitz en Giroux (1993: 63) beklemtoon dit egter dat die teenwoordigheid van die postmodernisme nie die beëindiging van die modernisme impliseer nie. Vir hulle is postmodernisme nie gelyk aan antimodernisme nie, aangesien dit nie 'n totale afwys is van alles waarvoor die modernisme staan nie. Postmodernisme is eerder 'n korrigerende verlengstuk van die modernisme. As voorbeeld ter illustrasie gebruik Jencks (1996: 15) universele menseregte. Die postmodernisme stem met die modernistiese beklemtoning van menseregte saam. Dit veroordeel egter die vasstaande benadering waarmee die modernistiese menseregtebeginsel deur 'n elitegroep op ondergeskikte minderhede afdwing word. Teenoor die modernistiese menseregte liberalisme wat hoofsaaklik tot voordeel van die Westerse samelewing is, verteenwoordig die postmodernisme multikulturalisme en die bestaansreg van alle minderheidsroepe.

Vir Aronowitz en Giroux (1993: 62) verwys postmodernisme in sy geheel na 'n veranderde intellektuele toestand en vorm van intellektueel-kulturele kritiek op 'n veranderde sosio-ekonomies, politieke situasie. Hierdie kritiek bevraagteken die volslae onder-wette-bring-hoeksteen van die moderne epistemologie in hierdie veranderde sosio-ekonomies, politieke situasie.

In die breë gesien volstaan Van der Walt (1989), Lyotard (1984), Aronowitz en Giroux (1993), Jencks (1996), Jarvis (1996), Green (1997), Van Niekerk (1996) en Rust (1991) met die slotsom dat postmodernisme as 'n reaksieverskynsel op die modernisme figureer. Hierdie reaksieverskynsel, wat as aanvulling tot die modernisme realiseer, poog tot 'n

herstel van die balans deurdat dit die oordrewe rasionalisme van die modernisme uitbalanseer met klem op ander funksies en aspekte van menswees. Sodanige tipering impliseer egter dat wie ook al sinvol oor die postmodernisme wil kommentaar lewer, ook die modernisme voor oë moet hou.

2.3 MODERNISME

2.3.1 Geskiedkundige oorsig

Die Verligingstydperk vind sy ontstaan in die politieke en filosofiese oortuigings van die laat agtiende eeu soos vergestalt in die ekonomie, filosofie en wetenskapsbeoefening van Parys, Edinburgh, Manchester en London (Coulby & Jones 1996: 171). Nou verwant aan hierdie tydperk is die begin van die modernisme soos later gerealiseer in die samelewings van Europa en die VSA.

Hierdie modernistiese Verligingstydperk word gekenmerk deur optimale vooruitgang en sukses. Cowen (1996(b): 156) stel hierdie onverbiddelike sukses gelyk aan die van Napoleon se leërs wat met ewe veel rewolusionêre intoleransie alles in die pad van sukses weggevee het.

Sentraal in hierdie vooruitgang was die suksesse van die natuurwetenskappe. Die natuurwetenskappe het nie alleen vasstaande, algehele kennis en verklarings verteenwoordig nie, maar is ook gesien as die kernfaktor vir verhoogde lewenskwaliteit (Green 1990). Die natuur en heelalwetmatighede is in toenemende mate deur sistematiese wetenskapsbeoefening oopgedek. Deur die toepassing van hierdie rewolusionêre wetenskapskennis op arbeid en produksie, is die kwaliteit van menswees en van elke individu in die besonder verhoog (Coulby & Jones 1996(b): 172).

Wetenskaplike metodes is ingespan om die verskillende samelewingsterreine met hul onderskeie substeme te bestudeer. So kon die sosiale, ekonomiese en politieke terrein

beter begryp word en kon regeringsbestuur en oorlogvoering (subsisteme van die politiek) wetenskaplik bedryf word. Binne hierdie moderne model van fenomenale vooruitgang word ontwikkeling gesien as 'n hiërargiese en liniêre proses gekenmerk deur verskillende stadiums (Johnston & Marcus 1998: 11). Hiervolgens is elke samelewing in 'n proses van ontwikkeling vanaf 'n primitiewe landboustelsel na 'n moderne gevorderde industrie.

Vanweë tegnologiese vooruitgang word 'n verdere, postmoderne stadium binne hierdie liniêre ontwikkelingslyn geïdentifiseer. Hierdie verdere stadium word gekenmerk deur die gesofistikeerde gebruik van die inligtingstechnologie sowel as deur globaliseringstendense (Jencks 1996: 16). Binne hierdie moderne perspektief word landbousamelewings as die onontwikeldste beskou. Nywerheidsamelewings is meer ontwikkel terwyl die samelewings wat die toon aangee met elektroniese ontwikkeling, as die mees ontwikkelde beskou word. Die gedagte is dat alle samelewings die behoefte ervaar en eventueel daartoe in staat is om hierdie pad van ontwikkeling, as die enigste pad, te volg. Johnston & Marcus (1998: 11) beklemtoon egter dat, *with few exceptions, such a linear progression has proved to be unrealisable in the Third World, not least of all because of the specific social and historical contexts of these societies*. Uit hierdie aanhaling blyk die ontstaan en bestaan van die postmodernisme as aanvulling tot, en ter wille van herstel van, die moderne rasionele wanbalans (paragraaf 2.2).

Ten einde hierdie wetenskaplike kennis wyd te versprei en verder te ontwikkel, het die behoefte aan onderwysinrigtings op groot skaal, ontstaan.

2.3.2 Onderwysvoorsiening

Die modernistiese Verligtingstydperk het 'n veranderde struktuur van onderwysvoorsiening tot gevolg gehad. Waar die pre-moderne onderwysvoorsiening slegs afgespits was op 'n klein groepie geselekteerde elite, verander hierdie doelstelling in die moderne tyd na 'n voorsiening aan die hele bevolking (Cowen 1996(b): 156). Die gevolg was die ontwikkeling van nasionale stelsels van onderwysvoorsiening met die

verantwoordelikheid op die staat om aan elke landsburger die geleentheid tot onderwys te voorsien (vergelyk ook paragraaf 3.2.2). Hierdie struktuur is deur die loop van die negentiende eeu eers in Engeland, later in Wes-Europa, toe in Kanada en uiteindelik in Australië, Nieu-Seeland en die VSA geïmplementeer. By wyse van kolonialisme is hierdie moderne, Westerse stelsel van onderwysvoorsiening onder andere ook na Afrika en Suid-Afrika gebring. Cowen (1996(b):157) wys egter op 'n belangrike distorsie in hierdie verband. Eerstens was die koloniale stelsel se staatsgeoriënteerde onderwysvoorsiening baie beperk en heeltemal onvoldoende. Tweedens het dit saamgeval met die ideologies kontrasterende voorsiening deur sendinggenootskappe.

Coombs (1985:70) voeg hierby 'n derde en baie belangrike probleem. Hierdie ingevoerde, Westerse onderwysstelsel was nooit ontwerp vir die spesifieke behoeftes en omstandighede van die gekolonialiseerde plaaslike bevolking nie. Die appèl op uitgebreide voorsiening vanweë 'n oneindig kwantitatiewe behoefte het egter tot gevolg gehad dat geen tyd gebruik kon word om met nuwe, ongetoetste modelle te eksperimenteer nie. Geen getoetste alternatiewe was in elk geval beskikbaar nie en die ingevoerde, Westerse model, met 'n hoë sukseskoers binne die eie samelewing, het die nodige prestige gehad (Coombs 1985: 70).

2.3.3 Hoofkenmerke

Sentraal tot die modernistiese natuurwetmatige beklemtoning figureer die outonome rede as die finale grond en laaste toetsteen vir alle waarheid (Van Niekerk 1996:210). Kennisverwerwing hou verband met 'n soeke na objektiewe waarheid en wysheid. Daarom kan alle kennisuitsprake aanspraak maak op universaliteit, algemeen geldigheid en noodwendigheid. Die begroningstrewes van die moderne rede is 'n strewes na beheersing ter wille van verbeterde en verhoogde lewenskwaliteit (Cowen 1996(b):156). Hierdie begroningstrewes manifesteer in 'n volslae toegewydheid aan die onafwendbare vooruitgang tot 'n steeds meer en beter inpalming van toenemend meer akkurate kennis.

Dit is veral die natuurwetenskappe wat verhef word tot meerdere kennis met toepassingswaarde in die ekonomie en oorlogvoering ter wille van groter uitnemendheid.

Die individu met sy unieke persoonlikheid en uitgedifferensieerde vermoëns word aangeprys deur 'n egotistiese verheffing van die heroïese prestasies van intellektueles, wetenskaplikes, nyweraars, soldate en kunstenaars. Elke individuele identiteit is 'n gelyke, vry burger met die reg op eie waarde en selfbestemming binne die politieke staatsbestel (Colby & Jones 1996: 172). Onderwys is 'n hoofrolspeler in hierdie hergekonseptualiseerde weergawe van die eie indentiteit. Dit dien as instrument waarvolgens die volle potensiaal van elke individuele identiteit bereik kan word.

Die hooftema van die moderne politieke oortuiging setel in die geloof en vertroue in die volk (Renan 1990). Die volk as entiteit word omring deur vasgestelde geografiese grense. Die volk beskik oor sy eie, unieke taal en kultuur. Deur sy verrysing, bevryding, vereniging en/of oorwinning, maak dit deel uit van die wetmatige verloop van die historiese proses (Renan 1990). In sy wese en voortbestaan is die volk egter gedurig onderhewig aan bedreiginge en gevaar.

Fabrieke, konstitusionele regerings en veelvuldige onderwysinrigtings verteenwoordig die institusionele terrein van hierdie moderne volksgedagte. Onderwysinrigtings figureer veral as die manifestasie en voortbestaan van hierdie moderne Verligtingstydperk (Green 1990). Die onderwysinhoude is kunsmatig verdeel in verskillende, geslotestelsel vakterreine en leerlinge en studente het gedifferensieerde toegangsmoontlikhede tot hierdie terreine. Hierdie toegangsmoontlikhede word bepaal deur stratifikasiefaktore soos klas, geslag, kultuur en intellektuele vermoë waarby inbegrepe is natuurlike aanleg vir 'n spesifieke vakgebied.

2.3.4 Afloop

Die Trinity-eksperiment word beskou as die room van al die triomferende wetenskaplike suksesse van die Verligingstydperk (Rhodes 1988). Hierdie merkwaardige sukses setel egter in die ontwikkeling van die dodelik vernietigende atoombomtegnologie. Met hierdie wetenskaplike kennis het die modernisme daarin geslaag om die eindbestemming van die mensdom finaal te bepaal. Coulby en Jones (1996:172) wys daarop dat die moderne Verligingstydperk die wetenskaplike kennis sowel as die onderwysinrigtings ter verbetering van hierdie tegnologie tot stand gebring het. Hierdie tydperk bly egter in gebreke om die regeringsbestel en morele en filosofiese waardesisteme te ontwikkel wat hierdie wetenskaplike vermoëns kan beheer.

Die mensdom se bewondering vir en selftevredenheid met hierdie fenomenale wetenskaplike vordering ter wille van verhoogde lewenskwaliteit, word gekontrasteer met sy vrees vir oorlewing as gevolg van hierdie selfde wetenskapsontwikkeling. Die atoombomontwikkeling het dan ook akuit die vraag van die interverhouding tussen wetenskap, medisyne, die gemeenskap, en die etiek uitgelig (Gibbons 1998: 13). En met die vernietiging van Hiroshima en Nagasaki in Augustus 1945 sou die mensdom se onvoorwaardelike goedkeuring van die modernistiese wetenskapsbeoefening en vooruitgang voortaan met huiwering begroet word. In hierdie huiwering setel die posvat van die postmodernisties intellektueel-kulturele kritiek (paragraaf 2.2) op die modernisme.

2.4 DIE POSTMODERNISTIESE KRITIEK OP DIE MODERNISME

Dit is weer eens belangrik om te beklemtoon dat die modernisme geensins iets van die verlede is nie. In paragraaf 2.2 is gemeld dat die mensdom hom tans in die sogenaamde oorgangstydperk na die postmoderne “tydvak” bevind en dat die teenwoordigheid van die postmodernisme hoegenaamd nie die beëindiging van die modernisme impliseer nie. Tewens, in die akademie, wetenskapsbeoefening, politiek, en ook die onderwys kan daar nooit sprake wees van ‘n afstand doen van die modernistiese benadering nie.

Die postmodernisme figureer egter wel sterk as 'n paradigmadiese kritiek teen die modernisme ter wille van aanvulling daarvan met as doel 'n herstel van die oordrewe rasionalistiese wanbalanse daarvan (paragraaf 2.2). Hierdie kritiek word deur Coulby en Jones (1996: 173) as verteenwoordigend vanuit drie groepe onderskei.

2.4.1 Feministiese kritiek

'n Eerste groep word deur die feministiese kritiek verteenwoordig. Hierdie kritiek verklaar dat die geskiedenis, die kultuur, en die wetenskap en tegnologie eksklusief aan die hand van die manlike geslag se aktiwiteite geïnterpreteer word. Hierdie perspektief figureer dan ook in die kurrikulums van skole en universiteite. Vanuit hierdie perspektief blyk modernistiese kennis leemtes te hê en wel vir die volgende drie redes:

- Hierdie kennis is onvolledig aangesien dit geselekteerd fokus slegs op dit wat deur mans gegenerereer word.
- Die kriteria waarvolgens kennis gedefinieer word is subjektief en bevooroordeel aangesien net die perspektiewe soos vooropgehou deur die manlike geslag, beklemtoon word.
- Die keuse van inhoude binne die verskeie wetenskapsterreine is bevooroordeel toegespits op 'n seleksie van die soos geproduseer deur mans.

2.4.2 Kulturele kritiek

Die tweede groep van kritiek is nou verwant aan die eerste groep en verteenwoordig die kulturele kritiek. Hiervolgens word die modernistiese Verligtingstydperk kennis gekritiseer as synde eksklusief blanke, Westerse kennis te wees. Slegs die kennis van die Westerse moondhede word as outonoom, objektief, universeel en algemeen geldend aanvaar. Die aktiwiteite en suksesse van die res van die mensdom word óf heeltemal geïgnoreer of as totaal ondergeskik aan die chauvinistiese, Euro-Amerikaanse kennis gestel. Hierdie kritiek voer ook drie redes aan ter staving van die gebreke van die modernistiese kennisstruktuur:

- Dit is onvolledig aangesien dit uitsluitlik die aktiwiteite en suksesse van die Westerse wêreld insluit.
- Die kriteria vir kennisdefiniëring is bevooroordeel in sy seleksie van slegs blanke perspektiewe.
- Inhoude is nie relevant nie aangesien dit in aard en wese slegs van veral Wes-Europa afkomstig is.

2.4.3 Klasse kritiek

Die derde groep van kritiek teen die modernisme is 'n klasgebaseerde kritiek. Hiervolgens word modernistiese kennis gerugsteun deur die voorbeelde afkomstig van die bevoorregte klasse. Coulby en Jones (1996: 174) verduidelik hierdie leemte in die modernistiese kennis as volg: *The fashionable tastes of the privileged classes are still cheerfully reimposed by academics into artistic, literary or philosophical value systems.*

Aldrie hierdie groepe kritiek teen die modernistiese kennis plus nog vele ander afkomstig uit die ander samelewingsterreine (paragraaf 1.3.2 en paragraaf 2.3.4) het tot gevolg dat die modernistiese fondamentstruktuur volledig geskud is. Postmodernisme as 'n kombinasie van al hierdie omvangryke kritiek, realiseer 'n veranderde benaderings en perspektiewe oor die breë spektrum van die totale samelewingsfunksionering.

2.5 DIE MANIFESTASIE VAN POSTMODERNISME IN DIE SAMELEWING

2.5.1 Inleiding

Algemene konsensus bestaan oor die ontiese aanwesigheid van postmodernisme aan die einde van die twintigste eeu. Daar is ook eenstemmigheid oor die feit dat hoewel postmodernisme veral in die Westerse samelewings figureer - vanweë die sterkste teenwoordigheid van die modernisme aldaar - dit ook besig is om na die res van die wêreld deur te syfer soos wat (moderne) ontwikkeling daar plaasvind.

Postmoderne aanwesigheid word deur twee hooforiënterings geïnterpreteer. Die een groepering klassifiseer postmodernisme as 'n tydperkgebonde konsep. Hiervolgens word postmodernisme geïnterpreteer as 'n totaal nuwe era wat heeltemal verskil van die modernistiese tydperk. Hierdie nuwe era beskik oor sy eie besondere kulturele beklemtoninge, sy eie besondere vorm van sosiale lewe en 'n heeltemal nuwe ekonomie en politieke bestel (Rust 1991: 610). Volgens hierdie periodegeoriënteerde benadering het postmodernisme sy ontstaan iewers na 1945. Sommige ondersteuners van hierdie groep is meer spesifiek oor die datum en Jencks (1984:19) dateer dit terug tot 15 Julie 1972 om 15:30 in die VSA *when the first units of the Pruitt-Igoe housing estate in St Louis, were blown up, its modernist design being seen as total human failure.*

Die ander groepering aanvaar dat postmodernisme nie 'n algehele breek met die modernisme verteenwoordig nie (paragraaf 2.2) en dus nie as 'n nuwe epog in die mens se geskiedenis beskou kan word nie. Dit figureer wel as 'n gepolariseerde kritiek teen die modernisme. In hierdie kritiek verteenwoordig postmodernisme 'n nuwe vorm van redevoering en teoretiese oriëntasie ter wille van 'n aanvulling tot die van die modernisme (Rust 1991: 611).

Die skrywer neig vir 'n skaring by die tweede oriëntering waarvolgens postmodernisme nie manifesteer as 'n geheel nuwe tydperk nie, maar wel as 'n veranderde, aanvullende interpretasie en benadering tot die van die modernisme. Hierdie aanvullende, veranderde perspektief realiseer egter in die neerslag vind van veranderde tendense in die onderskeie samelewingsterreine. In hierdie neerslag vind van postmodernistiese tendense bly die moontlikheid egter opgesluit dat met verloop van tyd en met die nodige historiese afstand daarop, postmodernisme wel eventueel as 'n erkende tydperk in die mens se geskiedenis geklassifiseer sou kon word - in ag genome die feit dat alles relatief is en niks onmoontlik is nie (paragraaf 2.5.2).

Vervolgens word gelet op die besondere manifestasie van postmodernisme in elk van die onderskeie samelewingsterreine. Teen die agtergrond van die transformasie van hoër onderwys in Suid-Afrika is die doel om hiermee tot 'n beter begrip van die huidige samelewingsituasie te kom sowel as om die waarskynlike pad van toekomstige ontwikkelinge beter te kan voorsien. Op grond daarvan kan moontlike riglyne vir die effektiewe bestuur van transformasie dan voorgehou word.

2.5.2 Postmodernisme en die wetenskap en tegnologie

2.5.2.1 Vergestaltung

Dit is nie toevallig dat hierdie terrein eerste bespreek word nie. Uit paragraaf 2.2 is dit duidelik dat postmodernisme en 'n veranderde perspektief op kennis gelyk gestel word. Uit hierdie veranderde benadering teenoor die veranderde kennis, spruit al die ander beïnvloedinge op die verskillende samelewingsterreine.

A. Die relatiwiteit en diversiteit van kennis

Die belangrikste onderskeidende faktor van die postmoderne benadering tot kennis is dat dit relatief is (Jarvis 1996: 236). Hierdie relatiwiteitskenmerk het sy oorsprong in kulturele diversiteit. Hiervolgens word aanvaar dat individue van een kultuurgroep nie daartoe in staat is om die aktiwiteite, praktyke en morele waardes en norme van 'n ander kultuurgroep te beoordeel nie. Eweneens so is die oortuiging dat geen kultuurgroep daarop kan aanspraak maak dat sy epistemologie, met alles daaruit voortspruitend soos byvoorbeeld familieverbandreelings, mediese behandeling, tegniese produkte, ens. verhewe is bo die van 'n ander groep nie. Coulby en Jones (1996: 182) wys op die problematiek wat dit vir die kurrikulumsamestelling van 'n heterogene samelewing inhou, aangesien kurrikulumseleksie niks anders as kulturele seleksie is nie.

Voortspruitend uit hierdie relatiwiteitsaanslag is die aanvaarding dat kennisverwerwing nie verband hou met 'n soeke na objektiewe waarheid en wysheid nie, maar dat dit geskied in terme van 'n linguale diskoers wat 'n kontingente en partikuliere karakter openbaar (Lyotard 1984: 34). Hiervolgens kan geen linguale voorstelling van die werklikheid objektief en onbetrokke wees nie. Baie voorstellings kan wel onderskei word, maar geen een kan as meer waar as 'n ander geklassifiseer word nie. Die verband tussen werklikheid en voorstelling/metafoor vervaag selfs in postmodernistiese denke en die taalspel verkry 'n sekere outonomieit (Aronowitz & Giroux 1993: 68; Lyotard 1984:19). Jarvis (1996: 237) beklemtoon dat kennisuitsprake in toenemende mate ideologies eerder as empiries van aard is en dat *claims about it seem to be discourse rather than factual*. Die rede synde dat die betekenis van dinge, juis omdat dit deur taal gedra word, oop en onderhandelbaar is.

Die gevolg is dat die postmodernisme die wetenskap se vermoë om neutrale, objektiewe kennis te genereer, bevraagteken. Kulturele relatiwiteit, met die gevolglike diversiteit van kennis, dien as motiveringsgedagte vir hierdie bevraagtekening. Die postmodernistiese standpunt dat inhoude verskillende interpretasiemoontlikhede bevat en dat kennis relatief waar is binne die konteks van 'n bepaalde taalspel of linguale diskoers, het tot gevolg 'n verandering van die epistemologiese struktuur. Toenemend ontwikkel die opvatting van 'n verskuiwing van geslote na oop en dinamiese kennissisteme. Van Niekerk (1996: 210) wys op die moontlikheid van 'n postmodernistiese verruiming van die rasionaliteitsbegrip as teenvoeter vir die eensydige rasionalistiese denkmodel van die modernisme.

Hierdie gefragmenteerde openheidskarakter van die wetenskap is vir die postmodernisme ook gesetel in die feit dat wetenskapsbeoefening met sy konteksgebonde karakter verder ook 'n menslike aangeleentheid is, met vele tekortkominge en beperkinge. Dit is 'n algemeen bekende feit dat die wetenskaplike, hoe meer hy die werklikheid wat hy vir hom afgrens wil deurgrond en voorgee dat hy weet, hoe meer en hoe sekerder weet hy dat hy nooit volkome sal kan weet nie. Volkome rasoniele deurgroning van 'n verskynsel, of die

totale werklikheid, is in die postmodernistiese tyd nie moontlik nie. Sekerheid in 'n absolute sin is net nie rasioneel bereikbaar nie.

Praktiese bevestiging vir die postmodernistiese staving van die onmoontlikheid van absolute sekerheid, blyk uit die volgende modernistiese, "vasstaande kennis" aanhalings soos gepubliseer in die SAACE (South African Association of Consulting Engineers) Bulletin (1998: 9):

- *This "telephone" has too many shortcomings to be seriously considered as a means of communication. The device is inherently of no value to us.* ('n Western Union interne memo soos omgestuur in 1876).
- *The wireless music box has no imaginable commercial value. Who would pay for a message sent to nobody in particular?* (David Sarnoff se vennote se antwoord op sy pleidooi om in die radio te belê in 1920).
- *Who the hell wants to hear actors talk?* (HM Warner van Warner Brothers se mening in 1927).
- *We don't like their sound, and guitar music is on the way out.* (Die Decca Recording maatskappy se afkeur van die Beatles, 1962).
- *Heavier-than-air flying machines are impossible.* (Lord Kelvin, die president van die Royal Society vereniging, se opinie in 1895).
- *Drill for oil? You mean drill into the ground to try and find oil? You're crazy.* (Professionele boormanne se kommentaar op Edwin L. Drake se poging om hulle te oorreed om deel te word van sy boorprojek vir olie in 1859).
- *I think there's a world market for about five computers.* (Thomas J. Watson, die voorsitter van die raad, IBM).
- *The bomb will never go off. I speak as an expert in explosives.* (Admiraal William Leahy, VSA atoombomprojek).
- *Man will never reach the moon regardless of all future scientific advances.* (Dr. Lee De Forest, uitvinder van die vakuumbuis en vader van die televisie).

- *Everything that can be invented has been invented.* (Charles H. Duell, Kommissaris van die VSA patenteregte departement, 1899).

B. Die dinamiek van kennisvermeerdering en kennisverandering

‘n Verdere bydraende faktor tot die relativiteitsbenadering tot kennis is die geweldige tempo waarteen kennis toeneem en verander. Die alomteenwoordigheid en dinamiek van die inligtingstechnologie is veral hiervoor verantwoordelik. Die tempo waarteen kommunikasietechnologie en die gebruik daarvan toeneem, het tot gevolg ‘n deurgaans nuwe wyse van begrip van en navorsing oor veranderende kennis. Die substansiële toename in rekenaargebaseerde kommunikasietechnologie hou vir Goodenow (1996:198) nie alleen nuwe visies in van nog groter moontlikhede van kommunikasie nie, maar ook ‘n “nuwe” tegnologiese definisie van die mens se verhouding tot sy wêreld. Hierdie nuwe verhouding veroorsaak egter probleme vir diegene wat nie vertrou is met die gebruik daarvan nie en Volti (1989: 8) beklemtoon dat *this inability to understand technology and perceive its effects on our society is one of the greatest, most subtle, problems of an age that has been so heavily influenced by technological change.* Kenway (1996: 217) stem hiermee saam en beklemtoon dit dat die inligtingstechnologie nie alleen ‘n hulpmiddel tot kennis is nie, maar wel ook kennis in sigself verteenwoordig. In sy eie woorde: *It is a context within and through which learning occurs and about which learning must occur.*

Die inligting superhoofweg of *cyberspace* fenomeen beskryf die onstuitbare kontinue neiging om bestaande tegnologie vir die voorsiening van inligting, kommunikasie en ontspanning met nuwe, verbeterde vorme te vervang (Kenway 1996: 218). Elke nuwe, verbeterde vorm bied ‘n meer uitgebreide kapasiteit om groter volumes inligting vinniger te voorsien. Die Internet as medium van hierdie gesofistikeerde kommunikasie bied nie alleen ‘n wye verskeidenheid van kommunikasiemoontlikhede nie, maar bied ook die geleentheid tot lidmaatskap van ‘n globale samelewing wat nie deur geografiese afbakening begrens word nie. Hierdeur is dit binne die vermoë van elke individuele gebruiker daarvan om sy eie kultuurgoedere binne hierdie globale samelewing te

produseer en te versprei. Die geleentheid tot onmiddellike toegang tot groot volumes data, 24 uur uit elke dag, het tot gevolg dat hierdie inligtingstechnologie soos vergestalt in die Internet, 'n onweglaatbare komponent van internasionale mededinging geword het.

C. Kennis as verhandelbare kommoditeit

In hierdie postmodernistiese tydvak het inligting 'n verhandelbare kommoditeit binne die globale inligtingsgebaseerde samelewing geword (Gibbons 1998: 29). In die verband word gepraat van 'n nuwe geslag van "kenniswerkers" wat met inligting werk en voortdurend by tegnologiese innovering moet aanpas. Lyotard (1984: 5) wys daarop dat kennis/inligting 'n allesoorheersende noodsaaklikheid ter verkryging van ekonomiese mag in die postmoderne, internasionle wêreld, geword het. Hy voer aan dat *it is conceivable that nation-states will one day fight for control of information, just as they battled in the past for control over territory*. Die gesegde "Kennis (inligting) is mag" kry hierdeur 'n nuwe dimensie in die sin van 'n nuwe ekonomie wat besig is om te ontwikkel waarin die vermoë om inligting te genereer en te produseer, 'n sleutelfaktor vir verhoogde produktiwiteit is. Die gevolg is dat die modernistiese onderwysdoel van gelykheid van onderwysgeleenthede, in die postmodernisme aangevul word met 'n beklemtoning van kenniswerkers se vermoë tot innoverende aanpasbaarheid ter wille van mededingbaarheid binne die internasionale, wêreldmarkeconomie (Cowen 1996(b): 162; Carnoy 1998: 15; Badat 1998: 35).

D. Die eis om implementeerbaarheid

Hierdie verhandelbare kennis ontwikkel 'n spesifieke vereiste in die postmodernistiese tydvak, naamlik die van implementeerbaarheid. Dit het 'n herdefiniëring van tradisionele, basiese wetenskap tot wetenskap-in-gebruik tot gevolg (Lyotard 1984: 24; Cowen 1996(a): 248). Atkin (1998: 651) beklemtoon dat *the clearest trend now is that science and mathematics education is becoming more practical everywhere*. In plaas van 'n basiese kennis van *the fundamental structure of the subject* verskuif die fokus nou na *how*

knowledge relates to personal and community life, and how it corresponds to what practising scientists really do (Atkin 1998: 651). Om in die postmodernistiese tydvak ekonomies mededingend en suksesvol te wees, is nie net afhanklik van die hoeveelheid inligting/kennis waaroor beskik word nie, maar ook die graad van implementeerbaarheid en toepassing van daardie kennis (Gibbons 1998: 1).

E. Retrospeksie

Dit blyk dat kennis in die postmodernistiese “tydvak” die eienskappe van relatiwiteit, diversiteit, dinamiese beweeglikheid en ‘n hoë tempo van verandering openbaar. Verder blyk dat hierdie kennis as inligting binne die dinamies, gesofistikeerde inligtingstechnologie, implementeerbaar en toepaslik moet wees ter wille van ekonomiese mededingbaarheid. Vir die onderwysstelsel en dan spesifiek hoër onderwys, hou dit ‘n sekere appèl in en vervolgens ‘n besinning daaroor.

2.5.2.2 Die appèl op hoër onderwys

A. Gediversifiseerde, uitkomsgebaseerde voorsiening

Die postmodernistiese relatiwiteitskenmerk van kennis vanweë kulturele diversiteit, het tot gevolg dat in toenemende mate gepleit word vir meer gedifferensieerde voorsiening ter wille van ‘n akkommodering van wyduiteenlopende behoeftes binne ‘n multikulturele samelewing. Wat die heterogene Verenigde Europese samelewing aanbetref wys Coulby en Jones (1996: 182) op die moontlikhede van ‘n homogene kernkurrikulum op regeringsvlak met die moontlikheid van wye heterogene interpretasies op die plaaslike vlak. Sodoende kan kurrikulumseleksie wat kulturele seleksie impliseer, geakkommodeer word. Green (1997: 21) waarsku egter dat dit in die praktyk nie so maklik is om op grond van kulturele verskille te diversifiseer nie. Aan die hand van die Chicago-voorbeeld toon hy aan dat, hoewel skole die keuse gehad het om verskeie gediversifiseerde programme te implementeer, die oorgrote meerderheid nogsteeds gekies het vir ‘n tradisioneel

akademiese kurrikulum. Op dieselfde trant erken Coulby en Jones (1996: 183) ook dat hoewel dit die postmodernistiese ideaal is om kurrikulumsamestelling vir skole en universiteite meer in harmonie met die aktualiteit van Europese diversiteit te bring, die praktiese realiteit juis die teendeel verteenwoordig. Hulle voer aan: *Faced with anti-sexist teaching and multicultural education the epistemological establishment has retreated into a traditionalist/modernist fortress. Europe is left in the grip of the conflict between fissiparous knowledge and culture and futile curricular systems.*

Wat betref die eis om implementeerbaarheid van kennis wys Cowen (1996(a): 246) daarop dat die tema vir universiteitshervorming vir die 1980's en 1990's om die verwagting van doeltreffendheid, bekwaamheid en relevansie wentel. Die doeltreffendheid/bekwaamheidskonsep hou verband met die meting van die universiteit se werklike produksie (kennis-oordrag) terwyl die toets vir relevansie dui op die mate waartoe hierdie kennis en navorsing bruikbaar is binne die landse ekonomie. In hierdie verband beklemtoon Lyotard (1984: 48) dat *the transmission of knowledge is no longer destined to train an elite capable of guiding the nation towards its emancipation, but to supply the system with players capable of acceptably fulfilling their roles at the pragmatic posts required by the institution.* Dit het tot gevolg dat pragmatiese, uitkomsgebaseerde vaardighede vir Cowen (1996(a):254) die spil geword het waarom alles in hoër onderwys nou draai. Institusionele evaluering sowel as kurrikulumontwerp word onderlê deur hierdie uitkomsgebaseerde tegniek. Aan die een kant word uitkomsgebaseerde tegniek ingespan deur die gebruikmaking van prestasie-aanduiders vir die meting van institusionele sukses. Aan die ander kant word gespesifiseerde bekwaamheidsvaardighede en uitkomst vasgepen as 'n aanduiding van groter bekwaamheid en relevansie van die kurrikulum. Dit het ook 'n invloed op die aard van die akademiese kultuur wat besig is om 'n verandering te ondergaan van 'n kollegiale model na 'n meer besigheidskultuur (Cowen 1996(a): 254).

B. 'n Multidissiplinêre, natuurwetenskaplikgeoriënteerde beroepsaanslag

Die implementeerbaarheidseis beïnvloed inhoud en die vorm daarvan deurdat dit toenemend meer beroepsgerig raak (Gibbons 1998: 6). Hierdie beroepsgerigheid is die gevolg van markverwante druk. Inhoud word in toenemende mate aan die hand van modules gerangskik met die oordra en evaluering van klein hoeveelhede kennis en vaardighede binne die raamwerk van gediversifiseerde beroepsgeoriënteerde uitkomstes. Dit het tot gevolg dat kontak met die doseerpersoneel gefragmenteerd verloop en dat evaluering meer gereeld plaasvind met 'n steeds toenemende klem op implementeerbare kennis en vaardighede.

Dit veroorsaak dat die universiteit toenemend gekenmerk word deur verhoogde toetredes waarin die klem steeds meer gedomineer word deur die oordra van beroepsgeoriënteerde kennis en entrepreneursgebaseerde vaardighede. Dit op sy beurt veroorsaak weer dat tradisionele meganismes van onderskeid tussen die verskillende sektore van hoër onderwys verdwyn en dat eens verskillende sektore nou almal geabsorbeer word binne die universiteite stelsel (Cowen 1996(b):161; vergelyk ook Stumpf 1998: 78).

Die relevansie van die natuurwetenskappe ter wille van die eie sowel as internasionale belang word sterk beklemtoon, maar toenemend ontstaan die behoefte aan 'n holistiese, multidissiplinêre geïntegreerdheid van navorsing en aanbieding. Atkin (1998: 652) verduidelik byvoorbeeld hoe 'n studie van die invloed van suurreën op die samelewing, verskeie dissiplines aansny. Chemie verklaar byvoorbeeld *the effect of pH levels on concrete and other substances*. Fisika werp lig op *the effects of acid rain on strength of structures*. Plant- en Dierkunde dra weer by tot die student se begrip van *how life is affected in an acid environment*. Hierby kan met groot welslae die sosiaalwetenskaplike bydrae gevoeg word van *how harmful effects might socially be mitigated* (Atkin 1998: 651).

Hierdie multidissiplinêre benadering het egter as hooftema markverwante relevansie en daarom bly die natuurwetenskappe en tegnologie nogsteeds die meer belangrike wetenskappe. Castells (1994: 14) benadruk dat die natuurwetenskappe en tegnologie 'n

kritieke rol speel as bron van ekonomiese produktiwiteit en mededingende infrastruktuurskepping binne hierdie nuwe inligtingsgeoriënteerde ekonomie. Carnoy (1998: 17) stem hiermee saam en wys op die ontwikkeling van 'n globale ideologie waarvolgens 'n aggressiewe investering in natuurwetenskaplike en wiskundige vaardighede die enigste manier van daadwerklike deelname aan die wêreldmark inligtingseconomie kan verseker. Hy voer aan *those countries with more scientists and engineers and whose eighth graders score higher on international maths and science tests are likely to be the "winners" in the newly-defined world economic competition*. Die rede synde die feit te wees dat die bron van verhoogde produktiwiteit toenemend afhanklik is van kennis en inligting wat op produksie toegespits word en hierdie kennis *is increasingly science-based* (Carnoy 1998: 5).

C. Die appèl op samewerkingsooreenkomste

Die eis om implementeerbaarheid en markverwantheid van kennis veroorsaak dat die universiteit, in sy verhouding met ander instansies, in 'n uiters soepel mededingende sowel as samewerkende situasie geplaas word (Gibbons 1998: 13). Toenemend ontwikkel die tendens vir die voltrekking van navorsing ook buite die universiteitsgrense. Afgesien van die nywerheid, weermag en raadgewende agentskappe is die neiging dat elke geregistreerde professie 'n navorsingseenheid moet ontwikkel (Clark 1993: 361).

Wat betref samewerking wys Skilbeck en Connell (1996: 71) daarop dat dit nie net horisontaal tussen verskeie nasionale en internasionale hoër onderwysinrigtings plaasvind nie, maar ook diagonaal tussen 'n maatskappy in een land en 'n hoër onderwysinrigting in 'n ander land. As voorbeeld hiervan dien die befondsing van sekere navorsingsprojekte aan die Massachusetts Institute of Technology (MIT) deur Japanese nywerhede, of die kontraktuele ooreenkomste tussen Koreaanse besighede en sekere Amerikaanse universiteitskursusse. Al hierdie samewerkingsooreenkomste, hetsy nasionaal of internasionaal, het egter as dryfkrag die wêreldmarkeconomie *which becomes a crucial definer of the purposes, efficiency and effectiveness of the educational system, its content*

and its structures and even some of its pedagogic modes (Cowen 1996(b): 161). Die gevaar hiervan is dat universiteite se navorsingsagendas geleidelik kan verander in 'n uitsluitlike gerigtheid op die bevrediging van korttermynbehoefte van die sakewêreld (Stumpf 1998: 88).

D. Internetgebruik

Mededingbaarheid binne die internasionale, wêreldmarke ekonomie as onderwysdoel van die postmodernisme (paragraaf 2.5.2.1), stel 'n pertinente eis aan die gemaklike omgaan met die internasionale inligtingstechnologie (Gibbons 1998: 21). Kenway (1996: 218) wys daarop dat die oorgrote meerderheid gebruikers van die Internet in die VSA, hoër onderwysstudente tussen die ouderdomme 18 en 24 is. Die appèl hiervan op onderwysstelsels hou in die voorsiening van steeds beter toegangsmoontlikhede tot meer en verbeterde kennis/inligting, vry van geografiese, institusionele of dosentspesifieke beperkings. Die behoefte is vir toenemend meer geleenthede van globale kommunikasie en leergeleenthede tussen studente onderling, en tussen studente, dosente en deskundiges.

Toegang tot die Internet sluit egter faktore in soos hoë kostes plus 'n sekere bekwaamheidsvaardigheid vir die optimale benutting daarvan. Vir ontwikkelende samelewings hou dit probleme in aangesien *the path from having no access to having a computer, a modem, advanced communications software, an online service account and the knowledge necessary to use them all is not likely to be traveled easily by the information poor (Kenway 1996: 227).*

C. Retrospeksie

Dit blyk dat postmodernistiese tendense op die wetenskap en tegnologiese terrein en die appèl daarvan op hoër onderwys veral neerkom op die beklemtoning van 'n relevante, ge diversifiseerde, modulêre voorsiening. Die belangrikste kriteria van hierdie voorsiening blyk uitkomsgebaseerde implementeerbaarheid te wees. Hierdie implementeerbaarheid is

nie alleen van toepassing op die landsbehoefte nie, maar veral ook ter wille van mededinging binne die wêreldmarksituasie. In hierdie bemagtiging tot internasionale wêreldmarkmededinging speel die natuurwetenskappe en tegnologie die grootste rol. 'n Bedrewendheid met die omgaan, generering en produksie van inligting deur middel van die Internet, blyk 'n uitdifferensiërende faktor vir sukses binne hierdie wêreldmarkmededinging te wees.

2.5.3 Postmodernisme en die Ekonomie

2.5.3.1 Vergestaltung

Die ekonomie as samelewingsterrein word in toenemende mate die spilpunt waarom alles draai en ekonomiese oorwegings word in groterwordende tendens die rigtinggewende faktor vir besluite wat op politieke en sosiale gebied geneem word (Cowen 1996(b); Lewin 1995; Goodenow 1996).

A. Globalisering

Tiperend van hierdie postmodernistiese ekonomie, is die globale, internasionale karakter daarvan. Kress (1996: 186) definieer hierdie globaliseringseffek as die toenemende tendens van die wêreldmarkeconomie om die plek en tyd van aksie en opinie ten opsigte van alle sake te bepaal. Clem Sunter, soos aangehaal deur Botha (1998: 2), beweer dat *there is a sort of global cop watching every country's every move and if the world does not like a move, it will censure a country*. Dat apartheid tot 'n val gekom het vanweë hierdie globaliseringseffek is nie te betwyfel nie. Verder bevestig die negatiewe spekulاسie teen die rand wat die gevolg is van sensitief uitgelekte inligting oor mnr. Mboweni as opvolger van dr. Stals as president van die Reserwebank, en die daaropvolgende drastiese verswakking van die geldeenheid (Beeld 10 Julie 1998: 8), meer onlangse beïnvloeding van die plaaslike situasie deur globaliseringsmagte werksaam binne hierdie wêreldmarkeconomie.

Hierdie globaliseringseffek het tot gevolg dat tyd en ruimte as beperkende faktore ten opsigte van finansiële markte, die media, kommunikasie, kulturele aspekte en produksie, heeltemal verdwyn. Die globalisering van produksie het tot gevolg dat die arbeidsmark ook 'n globale karakter aanneem. Dit op sy beurt het tot gevolg dat die modernistiese migrasie van die arbeidsmag na vasgestelde plekke van produksie nou vervang word met produksie wat veranderlik en beweeglik is terwyl die arbeidsmag lokaal staties bly (Kress 1996: 188).

Voor globalisering was firmas uitgelewer aan 'n beperkte arbeidsmag en beperkte beleggingsmoontlikhede binne die grense van die eie samelewing. Dit het daartoe aanleiding gegee dat werknemersvakbonde geweldige druk op werkgewers kon toepas en dat suksesvolle firmas onderwerp was aan 'n hoë graad van belasbaarheid binne die afgebakende grense van die eie land. Globalisering het egter tot gevolg dat suksesvolle firmas nie meer gekortwiek word deur beperkings binne die eie samelewing nie. Meer winsgewende moontlikhede elders kan ondersoek en benut word (Gibbons 1998: 21). In terme van belangrike ekonomiese beginsels aanwesig in hierdie globale wêreldmarkeconomie identifiseer Kenway (1996: 220) die geleentheid om globaal te dink, korttermyn op te tree, geld rond te skuif, en ander firmas te koop en te verkoop.

Goodenow (1996: 199) wys op die finansiële aantreklikheid wat die globaal netwerkgebaseerde ekonomie vir Amerikaanse firmas met internasionale vertakkinge inhou. Hiervolgens kan groot hoeveelhede ingenieurs in Indië en Latyns-Amerika byvoorbeeld aangestel word teen 'n baie kleiner salaris as wat vir plaaslike arbeidsmaglede betaal moet word. Globalisering in terme van huisnetwerkgebaseerde produksie bied egter ook groter geleenthede aan die plaaslike samelewing soos byvoorbeeld plattelandsgeïsoleerde arbeidsmaglede asook enkelouers, werkende ma's en liggaamlike gestremdes. Kenway (1996: 225) beklemtoon dat *the networked home will increasingly become the networked workplace*.

B. Internasionalisering

Gelykwerkend met die globaliseringseffek is die internasionaliseringskarakter van die postmodernistiese ekonomie. Hierdie internasionaliseringseffek dui op die sosiale, politieke en ekonomiese invloed van buite 'n spesifieke samelewing op daardie samelewing se waardesisteem, aktiwiteite en handeling (Kress 1996: 188). Hoewel internasionalisering so oud soos die mens self is, het dit egter met die dinamiese inligtingstechnologie en gepaardgaande kommunikasie- en massamediamoontlikhede in intensiteit geweldig toegeneem. As algemene voorbeeld hiervan noem Kress (1996: 189) denimbroeke en T-hemde as internasionale kleredrag. Waar die internasionale massamedia tot gevolg het dat kulturele grense in 'n groot mate verdwyn, lei die globaliseringseffek tot die ontwikkeling van 'n nuwe, denkbeeldige samelewing bestaande uit mense met dieselfde belangstellings en wat dieselfde aktiwiteite beoefen.

C. Post-Fordistiese produksie

Pertinent in hierdie postmodernistiese wêreldmarkeconomie is die aanwesigheid van post-Fordistiese nywerheidstechnologie en nywerheidsproduksie (Lewin 1995: 208). Die Fordistiese nywerheidsproduksie word gekenmerk aan 'n kapitaalintensiewe benadering met die optimale benutting van die masjien teenoor 'n minimalisering van arbeidskoste. Die doel is 'n volgehoue produksielyn wat oorskotbergings in reuse stoorkamers tot gevolg het. Die benadering is een van "net-vir-ingeval" en daarom is oorskotbergings geregverdig aangesien dit beskikbaar is indien iemand dit sou wou bestel. Fordistiese kwaliteitskontrole geskied eers aan die einde van die produksieproses en is hoofsaaklik die taak van 'n spesifiek aangewysde groep (Green 1997: 11).

Hierteenoor word die postmoderne post-Fordistiese nywerheidsproduksie gekenmerk aan 'n aanbod toegespits op aanvraag. Kaplinsky en Posthuma (1994) beklemtoon dat menslike hulpbronne en die effektiewe aanwending daarvan die hoofuitgangspunt van die post-Fordisme is. Die arbeidsmag is 'n geweldige bate met groot potensiaal wat optimaal, maar buigsaam en soepel aangewend moet word om kwaliteit en effektiwiteit te verhoog.

Die verbetering van die kwaliteit van arbeid deur verdere of heropleiding ter wille van veeldoeligheid en multivaardighede is 'n goeie belegging. Ook is die in ag neem van werkers se opinie en die toepassing van 'n spanwerkbenadering ter wille van verbeterde praktyk, onweglaatbare faktore vir eventuele sukses.

Vir die post-Fordistiese ekonomie is die proses van produksie nie minder belangrik as die eindproduk nie, tewens die gladde verloop van die proses word as belangriker geag as die resultaat self (Lewin 1995: 209). Teenoor die Fordistiese “net-vir-ingeval”-benadering huldig die post-Fordisme 'n “net-betyds”-aanslag deurdat vervaardiging afgestem is op spesifieke aanvraag en behoeftes. Toegevoegde waarde eerder as laer koste en groter produksie is die maatstaf vir effektiwiteit. Kwaliteit, betroubaarheid en geskiktheid vir die spesifieke behoefte, as toegevoegde waarde aspekte, is in die produksieproses ingebou (Lewin 1995: 209). Ten einde hierdie toegevoegde waardebenadering voluit na te streef is die post-Fordistiese produksie verbind tot gedurige verandering in die vorm van konstante, klein veranderings ter wille van 'n volgehoue verbetering van kwaliteit en effektiwiteit (Kapling & Posthuma 1994).

D. Die Inligtingsbedryf

Wat betref die produkte van hierdie postmoderne, post-Fordistiese produksieproses wys Jencks (1996: 57) daarop dat dit nie primêr meer gaan om motorvervaardiging en die produksie van staal en swaar toerusting nie. In die postmodernistiese inligtingstydperk is die elektroniese bedryf met sy vervaardiging van rekenaars en rekenaarsagteware by verre die grootste. Jencks (1996: 57) wys ook daarop dat hierdie inligtingsbedryf nie vir 'n lang tydperk gemonopoliseer kan word nie aangesien inligting nie opgebruik word nie maar wel vermenigvuldig met gebruik. Die gevolg is dat, anders as die modernistiese bedryf waarin spesifieke groepe onbepaalde beheer oor beperkte middele uitgeoefen het, die postmodernistiese bedryf nie deur 'n spesifieke groep of klas besit, beheer of gerig word nie.

Van belang in hierdie verband is egter die universele gevaar van ongelykhede en alles daarmee gepaardgaande tussen wat Kenway (1996: 221) bestempel as die *information rich* teenoor die *information poor* groeperinge van menslike hulpbronne. Hiervolgens blyk dat die inligtingstegnologie met sy globale wêreldmarkeconomie tot gevolg het 'n herbevestiging van reedsbestaande finansiële ongelykhede tussen arbeidsmaglede wat vertrouwd is met die nuwe tegnologie en die wat oor geen kennis daarvan beskik nie (vergelyk ook paragraaf 2.5.2.2 (D)). Carnoy (1998: 5) wys byvoorbeeld daarop dat *a national economy works as a unit at the world level*. Dit het tot gevolg 'n geweldige voordeel aan die firmas in samelewings waar inligting en kennis en die vermoë om dit te verkry en te genereer, geredelik beskikbaar is. Dit behels *telecommunications and information technology and the personnel trained to use it and to apply the information gained through its use*.

E. Die arbeidsmag

Ten opsigte van die postmodernistiese arbeidsmag aanvaar Reich (1991: 178) die bestaan van drie hoofkategorieë van beroepsmoontlikhede. 'n Eerste sodanige kategorie verteenwoordig die roetine produksiewerkers. Hierdie groep wat beide blou- en witboordjiewerkers insluit, voer eenvoudige, opeenvolgende-stap vaardighede uit hetsy met die hand, toesighoudend van aard of by wyse van data prosessering. Geletterdheid waarby rekenaargeletterdheid uiteraard ingesluit is, basiese beroepsvaardighede en die vermoë tot basiese rekenvaardighede word vir hierdie beroepe vereis. As basiese beroepsvaardighede noem Reich (1991) aspekte soos betroubaarheid, lojaliteit, hardwerkendheid, die vermoë om professioneel te kommunikeer en aanpasbaarheid. Jarvis (1996: 236) wys daarop dat sowat 25% van die Amerikaanse arbeidsmag in 1990 sodanige beroepe beoefen het. Hy beklemtoon dat sodanige beroepe wêreldwyd binne die globale arbeidsmark beoefen kan word.

Die tweede kategorie van postmodernistiese beroepsmoontlikhede word verteenwoordig deur die plekgebonde dienstesektorwerkers. Hierdie arbeidsmaglede verrig 'n spesifieke

taak wat afgespits is op 'n besondere situasie en is daarom nie direk mededingbaar binne die globale arbeidsmarksituasie nie. Dieselfde vaardighede as vir die eerste kategorie, egter op 'n meer gevorderde vlak, word vir hierdie groep vereis plus 'n besondere gedragstyl afgespits op die spesifieke situasie. Jarvis (1996: 236) voer aan dat vir 1990 sowat 30% van die Amerikaanse arbeidsmag in hierdie kategorie werksaam was.

Reich (1991) identifiseer 'n derde en laaste kategorie van postmodernistiese beroepsmoontlikhede, naamlik die van die hoëvlak mannekrag met universele vaardighede. Hierdie beroepe berus op 'n hoë standaard van kennis en kreatiwiteit wat betref die identifisering en oplossing van probleme, die insig in en produktief maak van kennis, en die gebruik van simbole vir die abstrakte wêreld van inligting, finansies, kennis en vermaak (Gibbons 1998: 29). Na die arbeidsmaglui van hierdie beroepskategorie word dan ook verwys as simboolanaliste (Kenway 1996: 228) wat professionele persone en kenniswerkers omsluit (Education White Paper 3 1997: 10). Jarvis (1996: 236) en Carnoy (1998: 16) beklemtoon dat die aanvanklike opleiding vir hierdie beroepe hoofsaaklik deur Westerse universiteite gedoen word. Carnoy (1998: 17) wys ook daarop dat afgesien van 'n *high fraction of scientists and engineers who still get their education in the United States, Western Europe and Japan*, 'n groterwordende groep van hierdie natuurwetenskaplikgeoriënteerde studente dan ook verkies *to stay in their country of graduate study to work on research in private institutions or take research jobs in the universities themselves*. Hoewel sowat 20% van die Amerikaanse arbeidsmag in 1990 in hierdie kategorie werksaam was, beklemtoon Jarvis (1996: 236) dat dit intussen merkbaar gestyg het vanweë toenemende uitbreiding en sofistikasie van die wêreldmark inligtingstechnologie (vergelyk paragraaf 2.5.2.1 (B)). Carnoy (1998: 7) spesifiseer hierdie uitbreiding as synde veral van toepassing te wees op *the high-tech, high-skilled, science-based and information-service and medical-service jobs*.

F. Die beroepstruktuur dinamika

Die dinamiese aard van tegnologiese ontwikkeling binne hierdie globale wêreldmarkeconomie het tot gevolg dat die beroepstruktuur binne hierdie snelveranderende arbeidsmark nie langer staties is nie. Green (1997: 74) wys daarop dat dit onwaarskynlik is dat 'n persoon vir sy totale beroepslewe dieselfde vaardighede sal kan beoefen sonder enige verdere of heropleiding. Vir baie sal dit nodig wees om heeltemal van beroep te verander en in die proses totaal nuwe vaardighede aan te leer. In die lig van die post-Fordistiese afgestemdheid op snelveranderende spesifieke aanvraag en behoeftes is hierdie onvermydelike beroepsveranderinge die logiese gevolg van 'n afname in permanente betrekkinge ter wille van meer tydelike werk in die vorm van kontrakwerk en termynaanstellings (Kraak 1998: 48). Laasgenoemde waarvan die aard en getal bepaal word deur instellings en ondernemings se vinnig veranderende behoeftes.

G. Retrospeksie

Dit blyk dat die ekonomie van die postmodernistiese tydvak die toonaangewende faktor vir besluite, handeling en aktiwiteite op al die ander samelewingsterreine geword het. Hierdie ekonomie word gekenmerk aan die eienskappe van globalisering en internasionalisering. Dit het tot gevolg dat tyd en ruimte as beperkende faktore vir die finansiële markte, verdwyn. Die dinamiek en sofistikasie van die inligtingstechnologie het ook tot gevolg dat tyd en ruimte wat betref produksie en die arbeidsmark, verdwyn. Hiermee saam manifesteer 'n post-Fordistiese produksiebenadering wat groot klem plaas op die waarde en noodsaaklikheid van 'n soepel, multivaardigheidsgeskoolde werksmag, binne die groepering van drie hoofkategorieë van beroepsmoontlikhede. Die invloed hiervan op die onderwysstelsel, en dan spesifiek hoër onderwys, sal vervolgens bespreek word.

2.5.3.2 Die appèl op hoër onderwys

Cowen (1996(b): 161) bevestig die toonaangewendheid van die internasionale wêreldmarkeconomie ook op die onderwysstelsel deur daarop te wys dat dit 'n invloed op die doel, inhoud sowel as vorm van onderwys uitoefen.

A. Beroepsgeoriënteerde, modulevoorsiening

Die postmoderne, post-Fordistiese produksie-aanslag van 'n "net-betyds"-benadering vind binne die onderwysstelsel neerslag in die vorm van 'n modulêrestelsel-voorsiening. Hiervolgens word klein hoeveelhede kennis en vaardighede wat op 'n kontinue basis verfyn en deurgaans aan evaluering onderwerp word, aan die hand van kortkursus-modules aangebied (Gibbons 1998: 48; paragraaf 2.5.2.2 (B)). Die doel is 'n tydige reaksie op spesifieke, markverwante behoeftes en die "net-betyds" voorsiening van 'n potensieel dringende markverwante aanvraag. Afgesien van die verdwyning van die tradisionele maatstawwe waarvolgens die verskillende sektore van hoër onderwys onderskei kon word (paragraaf 2.5.2.2 (B)) bevestig Cowen (1996(a): 251) die noodsaak vir hoër onderwysinrigtings om in vennootskap met die nywerheids- en besigheidswêreld te tree ten einde in staat te wees om implementeerbare kennis te voorsien. Hierdie skakeling ter wille van implementeerbaarheid het tot gevolg dat in toenemende mate gevra word vir interdisiplinêre navorsing en voorsiening (Gibbons 1998: 40). Hierdie behoefte spruit voort uit die aanname dat die ontstaan en oplossing van leefwêreldprobleme verskeie dissiplines aansny en nooit binne die grense van net een enkele dissipline voltrek nie (vergelyk paragraaf 2.5.2.2(B)). In hierdie verband beklemtoon Goodenow (1996: 213) die waarde van die Internet wat gekenmerk word aan multidisiplinêre geïntegreerdheid. Hy wys op die moontlikhede en uitdagings van sodanige geïntegreerdheid wat inhou *the integration of functions and being able to learn about research in areas heretofore separated by departmental and institutional, as well as practical and theoretical boundaries.*

B. Lewenslange opleiding

Nou verwant aan die post-Fordistiese “net-betyds”-benadering en die dinamiek van tegnologiese ontwikkeling, is die toenemende behoefte aan verdere en heropleiding wat uitkristalliseer in lewenslange opleiding. Gibbons (1998: 12) beklemtoon: *A labour force of craftsmen organised around traditional habits and skills is the enemy of technological change, as continuing education is its friend.* Die appél op hoër onderwys in hierdie verband is om teen die agtergrond van toenemend gediversifiseerde kennis (paragraaf 2.5.2.1 (A)), daartoe in staat te wees om genoegsaam en betyds te beantwoord aan die behoeftes van die verskillende beroepskategorieë en hulle voortdurende leerbehoefte binne die globale arbeidsmarkvereistes. In hierdie verband wys Jarvis (1996: 241) daarop dat die kategorie van hoëvlak mannekrag in toenemende mate ‘n behoefte aan verdere, meer gevorderde opleiding het ten einde in staat te wees om op hoogte te bly met dinamiese ontwikkelinge op die onderskeie terreine. Die gevolg is dat ‘n graadkwalifikasie slegs ‘n eerste stap verteenwoordig. In groterwordende tendens word nagraadse en ook ander kwalifikasies as onweglaatbare noodsaaklikheid vir effektiewe beroepsbeoefening beskou. Hierteenoor beklemtoon Jarvis (1996: 241) dat die roetine produksiewerkers (paragraaf 2.5.3.1) hoewel nie oor die algemeen onderworpe aan verdere opleiding nie, wel blootgestel is aan heropleiding in die lig van dinamiese ontwikkelinge en veranderende vaardigheidsbehoefte. Gibbons (1998: 12) beklemtoon dat *the only skill that does not become obsolete is the skill of learning new skills.*

Hierdie toenemende behoefte aan lewenslange opleiding word bevestig deur die feit dat vir die tydperk 1975 tot 1985 die deelnamekoers van leerders in die ouderdomsgroep 25 tot 29 jaar, van 36 tot 42 per 1000 gestyg het. Vir die ouderdomsgroep 30 jaar en ouer is dieselfde vermeerdering ondervind, naamlik vanaf 9 tot 17 leerders per 1000 vir dieselfde tydperk (Williams 1996: 140).

C. Die eis om telematiese voorsieningsmoontlikhede

Verdere, lewenslange opleiding kan, vanweë die inligtingstechnologie se uitwissing van tyd en ruimte, meestal op verskeie plekke en tyd plaasvind. Die moontlikheid van ‘n

telematiese, tweeledige aanbiedingsmodel, naamlik afstandsonderrig gekombineer met kontakonderrig deur middel van interaktiewe satellietmoontlikhede, raak in toenemende mate 'n vereiste vir hoër onderwys. Goodenow (1996: 200) bevestig dat 'n groot aantal hoër onderwysinrigtings hulself in die proses bevind van die ontwerp van afstandonderrig programme by wyse van die Internet. Dit hou in die ontwikkeling van multimediapakkette waarby beeld en klank ook betrokke is. Die Open University van Brittanje en verskeie ander na-basiese onderwysinrigtings soos verskeie Amerikaanse tegniese inrigtings, bied reeds met groot sukses netwerkgebaseerde programme in kombinasie met satelliet-televisie-uitsendings aan (Goodenow 1996: 200). Telematiese konfederering oor dissiplinêre, institusionele, nasionale en internasionale grense heen raak ook in toenemende mate algemene gebruik by akademiese instellings.

Dit is duidelik dat hierdie grensverwyderende gediversifiseerdheid van die postmodernistiese inligtingstechnologie 'n nuwe uitdaging tot oorlewing aan hoër onderwys rig. In die lig van die veelvuldige generering van netwerkgebaseerde opleidingsprogramme deur 'n verskeidenheid van nie-onderwysinrigtings, vergroot die druk op hoër onderwys om soortgelyke moontlikhede te voorsien. Perelman (1992) beklemtoon dat die legio moontlikhede van netwerkonderwys by wyse van verskillende vorme van afstandonderrig en die tegelyke gebruik van eie-tempo interaktiewe media, daartoe aanleiding kan gee dat die huis, as nuwe sentrum vir leer, 'n groot bedreiging vir formele onderwysinrigtings kan inhou. By monde van Goodenow (1996: 210) manifesteer hierdie bedreiging daarin dat *home-based education will doubtless continue to evolve, educators will face deinstitutionalisation pressures from the power of cyberspace as well as from more conventional competitive and cost ones.*

D. Retrospeksie

Wat betref die postmodernistiese tendense op die ekonomiese terrein en die invloed daarvan op hoër onderwys, blyk dat globalisering en internasionalisering 'n definitiewe invloed op die onderwys doel, inhoud en vorm het. Die doel met onderwys verskuif na 'n

mededingbaarheid binne die internasionale, wêreldmarkeconomie. Die aard van die onderwysinhoud word in toenemende mate gekenmerk aan 'n beroepsgerigte aanslag met direkte implementeerbaarheid. Die onderwysvorm verander in 'n post-Fordistiese modulêre stelsel waarvolgens groot klem op kort kursusse geplaas word ten einde “net-betyds” te voldoen aan veranderende behoeftes. Binne hierdie modulêre stelsel neem die noodsaaklikheid aan interdisiplinêre aanbieding toe. Teen die agtergrond van die dinamiek van die inligtingstechnologie word lewenslange opleiding in die vorm van verdere en heropleiding 'n algemene tendens. Die moontlikhede van gesofistikeerde netwerkgebaseerde programme ten einde te beantwoord aan hierdie volgehoue gediversifiseerde behoeftes, raak toenemend 'n onweglaatbare faktor.

2.5.4 Postmodernisme en die Politieke terrein

2.5.4.1 Vergestaltung

Die toonaangewendheid van die globale wêreldmarkeconomie met sy dinamiese inligtingstechnologie, tesame met die postmodernistiese relativiteit van kennis, het 'n definitiewe invloed op die politieke terrein. Kenway (1996: 220) bevestig dat *global markets and global technologies have significant implications for nation-states, for the power of policy to effect change justly and, indeed, for the inclination of policy makers to attempt such change*. Binne hierdie politieke bedrywighede differensieer Turkle (1995: 243) die Internet uit as *the symbol and tool of a postmodern politics* waarin die direkte en onmiddellike aksie van belange-groep-mobilisasie uiters noodsaaklik is.

A. Die inperking van regeringsmag

Die fasilitering van internasionale ondernemings deur middel van die gesofistikeerde inligtingstechnologie (paragraaf 2.5.3.1(A)) kortwiek nasionale regerings om hulle eie ekonomie effektief te beheer. Eweneens so het internasionalisering ook 'n invloed op elke samelewing se kulturele aspekte in terme van waardes, aktiwiteite en handeling

(paragraaf 2.5.3.1(B)). In hierdie proses wend nasionale regerings wel 'n poging aan om beheer uit te oefen, maar word in 'n baie groot mate aan bande gelê deur die groter kragte werksaam binne die inligtingstegnologie en kommunikasie. Soos Kenway (1996: 220) dit tereg stel, die kommunikasietegnologie met die finansiële markte wat daardeur ondersteun word, steek landsgrense ongestoord oor soos wat elektrone vrye toegang tot alles en almal het. Die gevolg is dat nasionale regerings nuwe strategieë toepas ter wille van oorlewing. Dit manifesteer veral in die algaande afskud van welsynsverantwoordelikhede, die bevordering van drastiese privatisering en die ontwikkeling van markverwante benaderings ten opsigte van die oorblywende staatsvoorsiende dienste (Dion 1995). Hiermee saam poog nasionale regerings om 'n ideologies positiewe persepsie ten opsigte van hul vermoë om nog wel ten volle in beheer te wees, by hul landsburgers te ontwikkel.

Gibbons (1998: 20) beklemtoon egter dat die staat wel nog statuur kan openbaar in die mate waartoe dit daarin slaag om inligtingstegnologie te verkry en te ontwikkel ter wille van 'n verstewiging van die plaaslike produktiewe kennis- en inligtingskapasiteit. Hierdie poging hou verband met die ontwikkeling en uitbreiding van bestuursvaardighede, telekommunikasievoorsiening, rekenaarprogrammatuur en -apparatuur en die aggressiewe ontwikkeling van algemene hoëvlak ingenieursvaardighede ten einde hierdie inligtingstegnologie te implementeer en te ontwikkel (Carnoy 1998: 10).

B. Die demokratiese insluitingsbeginsel

Tesame met hierdie magsbeheer van die internasionale wêreldmarkekeonomie oor al die ander samelewingsterreine, manifesteer 'n verdere tendens binne die postmodernistiese politiek, naamlik die van die eksponensiële verspreiding van demokrasieë. Hierdie demokrasieë word gekenmerk aan vrye verkiesings, die beklemtoning van menseregte en 'n relatief vrye pers. Jencks (1996: 64) beklemtoon dat waar daar in 1880 net sowat 'n derde van die wêreldbevolking blootgestel was aan hierdie demokratiese beginsels, dit in die 1990's tot sowat 60% verdubbel het. Gelykwerkend met hierdie verspreiding van

demokratiese beginsels ontwikkel die beklemtoning van deursigtigheid en deelnemende besluitneming.

Die postmodernistiese relatiwiteitsbenadering vanweë kulturele verskille (paragraaf 2.5.2.1(A)) het tot gevolg toenemende verdraagsaamheid en insluiting van alle groepe binne dieselfde samelewing. Jencks (1996: 60) noem dit 'n kosmopolitaanse 'lewe-en-laat-lewe'-houding. Die tendens ontwikkel van 'n totale kritiek teen die meerderheidsregering aangesien dit verskeidenheid, openheid en diversiteit vernietig. Die gevolg is dat konvensionele regeringbeheer, ook die van die supermoondhede, verminder. As mees algemene voorbeeld dien die Soviet Unie se onvermoë om beheer oor sy heerskappy te kon behou. Rust (1991: 618) beklemtoon dat daar 'n toenemende verskuiwing van 'n bipolêre na 'n multipolêre beheerstruktuur plaasvind en dat die mag binne hierdie nuwe beheerstrukture so wydverspreid is dat selfs die supermoondhede nie meer daartoe in staat is om hulle besluite onvoorwaardelik op die "ander" te kan afdwing nie. Die gevolg is dat *the central powers have lost their ability to master, to overpower, and to dominate both internally and externally (Rust 1991: 618)*. Aangesien van die ontwikkeling van 'n wêreldkultuursituasie het hierdie magsvermindering egter ook 'n teenstrydigheid tot gevolg in die sin van die vervanging van rasionele beleidsformulerings met relatiewe formulerings soos gedikteer deur spesifieke groepe. Dit hou vir Rust (1991: 619) 'n gevaar in deurdat die postmodernistiese beklemtoning van die bestaansreg van alle groepe dan noodwendig impliseer dat alle groepe ten volle in staat is tot gelyke, sinvolle deelname aan alle besluite, aktiwiteite en handelinge.

C. Die druk vanaf omgewingsbewaring

Gelyklopend met die supermoondhede se magsvermindering vanweë die globale, wêreldkultuursituasie manifesteer die ontwikkeling van internasionale organisasies soos NATO (North Atlantic Treaty Organisation) en ASEAN (Association of South East Asian Nations) wat hulle daarvoor beywer om oorlogvoering tot die alleruiterste te beperk. Die gevolg is dat samelewings hulle in toenemende mate verbind tot vreedsame naasbestaan

binne omgewingsbewuste milieus. Die wêreldappèl op omgewingsbewaring manifesteer in nie-regeringsorganisasies soos Greenpeace. Jencks (1996: 64) beklemtoon dat hierdie groenvinger nie-regeringsorganisasies suksesvol besig is om 'n wêreldburgerskap van supranasionale omgewingsbewustheid te ontwikkel. Dit het tot gevolg dat alle regeringsbesluite toenemend ook onderhewig is aan omgewingsbewaringsgoedkeuring.

D. Retrospeksie

Dit blyk dat die postmodernistiese tendense soos vergestalt op die politieke terrein veral neerkom op 'n vermindering van absolute regeringsmag. 'n Heterogene gebondenheid soos verstewig deur die inligtingstegnologiese kommunikasie veroorsaak die dinamiese verspreiding van demokratiese beginsels soos deursigtigheid, insluiting van almal, en deelnemende besluitneming. In die proses neem privatisering toe en verkry oorblywende staatsbeheerde dienste toenemend 'n markverwante karakter. Teenoor hierdie vermindering van absolute regeringsmag ontwikkel omgewingsbewuste nie-regeringsorganisasies wat in 'n groterwordende mate regeringsbesluite rig. Die invloed hiervan op hoër onderwys sal vervolgens belig word.

2.5.4.2 Die appèl op hoër onderwys

A. Insluiting en burgerskap

Die invloed van die postmodernistiese globalisering en internasionalisering op uitgebreide demokratisering syfer ook deur na hoër onderwys. In toenemende mate vind 'n desentralisering van die bestuurstelsel en 'n demokratisering van die bestuurstrukture plaas (Green 1997: 186). Wat betref die postmodernistiese eis om verdraagsaamheid en insluiting van die "ander" beklemtoon Green (1997: 186) dat *higher education must remain the public arena where tolerance, mutual respect and understanding and the ability to cooperate are cultivated*. In dieselfde verband verwys Ekong en Cloete (1997: 11) na die essensiële taak van hoër onderwys, naamlik burgerskapontwikkeling met as

hoofdoel *to educate both local and global professional citizens, capable of sound reflection and responsible action* (vergelyk ook paragraaf 3.4.2.3 en 4.3).

B. Die appèl op privaatfinansiering

Die groterwordende neiging van privatisering of 'n meer markverwante benadering van oorblywende staatsbeheerde instellings het ook 'n invloed op hoër onderwys. In toenemende mate word van hoër onderwysinstellings verwag om eie inisiatief aan die dag te lê wat betref die beplanning, verkryging en implementering van finansiële hulpbronne. Cowen (1996(a): 251) wys op die pertinente tendens waardeur Westerse universiteite deur hul onderskeie regerings in 'n markverwante aanslag gedwing word. Eerstens moet hulle, teen die agtergrond van 'n toename in studentegetalle, in toenemende mate verantwoordelikheid vir die generering van fondse neem. Tweedens verander die verhouding van staatsubsidiëring teenoor eie fondsinsameling deurdat die subsidie van die staat verminder. In hierdie proses word die universiteit aangemoedig om in vennootskap met die nywerheid, sakesektor en navorsingsrade te tree ten einde hul fondse aan te vul. Tegelykertyd ontwikkel die staat, deur middel van 'n gesentraliseerde evalueringstelsel, meganismes waarvolgens universiteite met mekaar moet kompeteer vir ekstra finansiële toekennings toegeken op grond van verlangde prestasies.

C. Die ekonomiesgekleurde politieke onderwysdoel

In hierdie proses van 'n meer markverwante aanslag ontwikkel die rol van die staat as die van 'n agent vir die voorsiening van gediversifiseerde hoër onderwysvoorsiening (Cowen 1996(b): 160). Die staat se agentskapsrol kristalliseer uit in die sertifisering van die veelvuldige voorsieners deur middel van 'n sentrale kwalifikasieraamwerk. Dit het tot gevolg dat hoër onderwysvoorsiening in 'n markverwante aanbieding van gediversifiseerde moontlikhede verander. Die verbruikers (studente) het die vryheid van programkeuse binne hierdie gediversifiseerde, staatsgoedgekeurde voorsieningstruktuur. In die proses herdefinieer die staat onderwys as opleiding en word ekonomiese oorwegings

uitgedifferensieer as belangrikste verwysingsraamwerk. Dit het tot gevolg dat die doel met onderwys, wat ook opleiding konnoteer, die voorbereiding op en gereedmaak vir die arbeidsmark behels. Cowen (1996(b): 160) bevestig dat *higher education becomes a market within which choices about the future marketability of the education/training acquired are, later, rewarded or punished*.

Green (1997: 27) wys daarop dat die staat, deur die fasilitering van sodanige gediversifiseerde voorsieningstruktuur met markverwante dividende, suksesvol daarin slaag om onderskeid en andersheid te akkommodeer. Binne hierdie ekonomiesgerigte, staatsgekontroleerde voorsiening is alle leerders gelyke aanspraakmakers en verbruikers van onderwys/opleiding. In hierdie benadering wat berus op die beginsel van vryheid van keuse, kies elke leerder die tipe onderwys/opleiding volgens sy eie smaak, behoefte en vermoëns wat hom dan, volgens sy eie keuse, 'n gelyke plek in die sosio-ekonomiese samelewing verseker. Dit beantwoord dan vir Cowen (1996(b): 161) aan die postmodernisties ekonomiesgekleurde regeringsdoelstelling met onderwys, naamlik die ontwikkeling van 'n gediversifiseerde arbeidsmag ter wille van wêreldmarkmededinging sowel as positiewe plaaslike ekonomiese groei.

D. Retrospeksie

Wat betref die postmodernistiese tendense op die politieke terrein en die invloed daarvan op hoër onderwys staan die toenemende noodsaaklikheid van 'n handhawing van die insluitingsbeginsel veral uit. Verder blyk dat 'n meer markverwante benadering aan die orde van die dag is. Van hoër onderwysinstellings word in groterwordende omvang verwag om groter verantwoordelikheid vir fondsgenerering te aanvaar. Verder vergroot die druk op die aanbieding van meer arbeidsmarkafgestemde programme. In hierdie proses word groot druk op hoër onderwys geplaas om 'n hoofrolspeler in die ontwikkeling van 'n bekwame arbeidsmag ter wille van verbeterde ekonomiese groei, te word.

2.5.5 Postmodernisme en die Sosiale terrein

2.5.5.1 Vergestaltung: sosiale omgewing

A. 'n Pluralistiese wêreldkultuursituasie

Die postmodernistiese benadering van 'n insluiting van almal, openheid wat betref alles, en verdraagsaamheid teenoor andersheid (paragraaf 2.5.4.1(B)), het tot gevolg dat ondergeskiktes, onderworpenes, en moderne tyd uitgebuite groeperinge soos vroue, gekleurdes, gevangenes, kinders, en ekonomies agtergeblewenes, in toenemende mate aanspraak maak op erkenning. In die proses ontwikkel wat Jencks (1996: 68) noem 'n post-sosialistiese toe-eieningskultuur in die sin van dat soveel regte en voorregte as moontlik ten opsigte van dienste soos onderwys, gesondheid en behuising toegeëien word sonder enige teenprestasie of verpligting daaromtrent.

Die postmodernistiese beklemtoning van kulturele diversiteit en die relatiewe belangrikheid van elke kultuur (paragraaf 2.5.2.1(A)), veroorsaak dat ander kulture groter aansien begin kry ten koste van die Westerse kulturele dominansie van die modernistiese era. Hierdie vermindering van Westerse kulturele dominansie gaan ook gepaard met 'n vervaging van die beklemtoning van individualisme, ekstreme kapitalisme en die Christendom (Toynbee 1947). Terselfdertyd ontwikkel 'n pluralistiese wêreldkultuursituasie. Hierdie wêreldkultuursituasie dui nie op die disintegrasie van volkere en nasies nie, maar op die vermindering van dominansie van een groep deur 'n ander.

B. Kontradiksie verhoogde sosiale mobiliteit

Essensieel in hierdie wêreldkultuurontwikkeling is die onbeperkte kommunikasiemoontlikhede van die inligtingstegnologie wat tot gevolg het dat tyd en ruimte as beperkende faktore ten opsigte van sosialiseringmoontlikhede verdwyn. In hierdie proses van globaliseringskommunikasie vervaag sosiale ongelykhede ten opsigte

van ras, geslag, ouderdom en posisie. Kenway (1996: 201) wys byvoorbeeld op die geslaagdheid van sosiale gelykheid deur middel van elektroniese konferensies. Tydens sodanige konferensies het onderwysers, leerlinge, akademië, administratiewe amptenare, gegradueerdes, nie-gegradueerdes, teoretici, en praktisyns almal gelyke toegang tot die konferensie, gelyke geleenthede tot 'n bydraelewering daartoe, en gelyke leergeleenthede uit wat bespreek is. Dit het tot gevolg dat die kommunikasietegnologie vir Turkle (1995) minder oor kennis en inligting as sodanig gaan en meer oor die nuwe verhouding tot kennis en inligting.

'n Teenstrydige tendens tot die gelykmakingsmoontlikhede van die inligtingskommunikasie is egter ook aanwesig. Goodenow (1996: 200) beklemtoon dat, *although there is a pluralism of users emerging in cyberspace, the definition of this pluralism does not necessarily reflect traditional definitions of "cultural pluralism"*. Wat hy hiermee bedoel is dat dit wel so is dat heterogene samestellings van gebruikers soos senior burgers, feministe, individue met wyd uiteenlopende persoonlikhede en belangstellings, professionele lui, politieke organisasies, stokperdjiebeoefenaars, ens. die Internet gebruik. Desnieteenstaande word ekonomiesagtergeblewenes nog volledig van die gebruik daarvan uitgesluit. Kenway (1996: 219) stem hiermee saam en bevestig dat, hoewel die dinamies gesofistikeerde inligtingstegnologie en kommunikasie 'n nuwe ekonomiese, politieke en sosiale orde tot gevolg het, dit nog steeds skuldig is aan *the layering (of) new inequalities over old (ones)*. Goodenow (1996: 202) wys op die waarskynlike ontwikkeling van 'n fenomeen bekend as "cyberocracy" soos verteenwoordig deur die simboolanaliste van die hoëvlak mannekrag beroepskategorie (paragraaf 2.5.3.1(E)). Dit dui op 'n nuwe vorm van elitisme binne hierdie postmodernistiese milieu wat juis gekenmerk word aan groter openheid, beter insluiting en groter verdraagsaamheid.

Die rede vir hierdie kontradiksie uitsluiting binne die insluitingsverwagting is uiteraard toe te skryf aan twee algemeen bekende redes, naamlik die relatiewe hoë koste verbonde aan hierdie kommunikasietegnologie infrastruktuurskepping tesame met die relatief hoë

vaardigheidsvlak benodig vir die basiese gebruik daarvan (vergelyk paragraaf 2.5.2.2(D)). In die VSA byvoorbeeld het slegs 30% van alle huishoudings en in Australië slegs 20% in 1994 rekenaars in die huis besit (Kenway 1996: 227). Dit het tot gevolg dat Turkle (1995: 244) skepties opmerk dat *perhaps people are being even more excluded from participation, privilege and responsibility in the information society than they have been from the dominant groups in the past.*

C. Die sosiale waarde van die Internet

Die Internet as instrument van hierdie postmodernistiese kommunikasietegnologie neem egter in relatiewe omvang geweldig toe. Bill Gates beken in 'n onderhoud met die Amerikaanse pers in 1995 dat sy grootste fout tot dusver die onderskatting van die waarde, belangrikheid en omvang van die Internet vir die totale samelewingsfunksionering is (Kenway 1996: 221). Die konstruktiewe deugde van hierdie Internetgebruik vir die sosiale samelewing behels die gedentraliseerde, wydverspreide, en direkte beheeruitoefening van gebruikers oor wanneer, waarom en met wie inligting en kennis uitgeruil word. In die proses word kritiese denkvaardighede en vlugheid van reaksie gestimuleer. 'n Toenemende uitleef van demokratiese beginsels vind plaas en dit alles lei tot 'n verhoogde kwaliteit van lewe. In samehang met die gelykmakingsfunksie van die Internet debatteer Turkle (1995: 239) dat jong, middelklas Amerikaners met sosiaal afwaartse mobiliteit, die Internetprogram MUDS (Multiple User Dungeons, text-based virtual reality) speel ten einde virtuele opwaartse mobiliteit te bewerkstellig. Sy voer aan dat hierdie groep gebruikers die "cyberspace" as 'n effektiewe instrument vir sosiale statuur beleef. Binne hierdie "cyberspace" milieu kan 'n persoon parallelle lewens lei en veelvuldige identiteite aanneem sonder om die ware identiteit bekend te maak.

D. Die gevare van die Internet

Wat betref die ewels van hierdie dinamies gesofistikeerde inligtingstechnologie beklemtoon Ratcliffe (1994: 1) dat dit basies geleë is in die dominerende mag van en

beheer oor die kennis en inligting van hierdie postmodernistiese era. Hierdie beherende mag spruit voort uit die toename in gesofistikeerde dophou, afluister, stoor, verskuif en infiltrering van inligting. Dit hou die moontlikheid in dat die doen en late van individue, samelewingsgroepe en ook nasionale moondhede, tot in die fynste besonderhede waargeneem en misbruik kan word. Vir veral Westerse moondhede buite die VSA hou die ontwikkeling van 'n wêreldkultuursituasie die gevaar in van veramerikanisering met die inboet van die eie unieke identiteit (Kenway 1996: 225). Hierin lê 'n verdere kontradiksie opgesluit, naamlik dat, hoewel die postmodernisme 'n beswering van Westerse dominansie verkondig, Amerika met sy kulturele imperialisme toenemend daarin slaag om die supermoondheid van inligtingstechnologie, kommunikasie en vermaak te wees. In dieselfde verband vra Kenway (1996: 225) vrae oor die kulturele aard, oorsprong en implementering van inligtingstechnologiese kennis. Dit blyk oorwegend Westers van aard te wees.

Laastens wat betref die euwels van die inligtingstechnologie op die sosiale samelewing wys Stewart (1994: 1) op die nadelige invloed daarvan op die psige van die mens. Die kweek van fantasie en ontvlugting is 'n wesenlikheid. En soos wat die huis in toenemende mate die inkopieplek, ontspanningsplek en werksplek word, bestaan die moontlikheid van die ontwikkeling van geïsoleerde, kokonindividue wat dit moeilik vind om te onderskei tussen werklikheid en fantasie. Die moontlikheid van 'n vervreemding van die openbare lewe met 'n gevolglike ingebreke bly om sosiale en gemeenskapsverpligtinge na te kom, is 'n wesenlikheid.

2.5.5.2 Vergestaltung: Godsdiens en wêreldbeskouing

A. Die ontwikkeling van 'n nihilisme

Die postmodernistiese afwys van die moderne rede-beginsel, met gepaardgaande relatiwiteitsbenadering ten opsigte van kennis, binne 'n tydvak gekenmerk aan snelle verandering (paragraaf 2.5.2.1), het tot gevolg die generering van pessimisme,

ontnugtering, sinisme en nihilisme (Aasen 1993: 10). Hierdie toestand manifesteer vir Van der Walt (1989: 189) in 'n metodiese "nee-sê"-reaksie vanweë 'n tragiese gevoel van "alles-tevergeefs". Die postmodernistiese mens se wantroue in die aansprake van die wetenskap en die vooruitgangsgeloof, met die wete van die onwaarskynlikheid om ooit vasstaande kennis te verwerf, het tot gevolg 'n vrolike en speelse nihilistiese lewensgevoel. Jencks (1996: 70) vra byvoorbeeld die vraag: *Is a strong belief in anything possible today?*

Hierdie nuwe vorm van die postmodernisme manifesteer in 'n geneigdheid om spelerig met die chaos en onkenbare, die teenstrydige en onsekere om te gaan. Dit realiseer daarin om sonder verstand of wetenskap oor die rede en die wetenskap te redeneer en te oordeel (Van der Walt 1989: 189). Die gevolg is 'n oomblyksgeïntereerde teenwoordigheidsbepaling aangesien die nuwe rede eerder situasie- as normgebonde is. Dit het tot gevolg dat die mens homself loswoel van alle vaste posisies, dinkmiddels en vormingsmiddels tot 'n eie "onposisie". Die uitgangspunt en houding is dat dinge eenvoudig is soos wat dit is, uit en gedaan. Dinge maak nie op enige spesifieke sin meer aanspraak nie. Dit realiseer daarin dat die postmoderne denker eerder op die eie ervaring en belewenisse van die lewe wil staatmaak as op 'n rasionalistiese onder-wette-bring van die werklikheid (Van der Walt 1989: 190).

Hierby voeg Jencks (1996: 11) die eienskappe van onsekerheid en beangstheid wat daaruit voortspuit. Redes hiervoor is te vind in teenstrydighede wat tegelykertyd aanwesig is, soos byvoorbeeld die toename in rekreasietyd vanweë werksonsekerheid teen die agtergrond van 'n toename in die verskeidenheid van beroepsmoontlikhede (Jenkins & Sherman 1979). Dit is weer die gevolg van tegnologiese ontwikkelingsdinamiek wat daartoe lei dat die tempo waarteen die wyse van lewe en vaardigheidsbehoefte verander, tot gevolg het dat niks vir lank dieselfde bly nie. Gibbons (1998: 12) beklemtoon byvoorbeeld dat *educational training in advanced industrial societies have the paradoxical task of preparing people to perform difficult jobs competently while bringing them to accept that they will have to change their jobs and skills quickly and often.*

Hierdie gevoel van onsekerheid en beangstheid het tot gevolg dat die postmodernistiese mens homself vreemd en oorbodig in die samelewing voel met 'n gebrek aan sinbeleving (Jencks 1996: 71). Die enigste sin setel in die alledaagsheid van die menslike bestaan en die reduksie van menslike lewe tot 'n hier en 'n nou met beklemtoning van die bevrediging van menslike behoeftes vir die oomblik.

B. Die behoefte aan 'n rasionaliteitsverbreding

Vir Van Niekerk (1996: 211) lê die uitdaging van 'n vermyding van hierdie postmodernistiese volslae relativisme met gevolglike volslae nihilisme daarin om tot 'n verbrede begrip van rasionaliteit te kom. Hierdie verbrede begrip impliseer dat beide met 'n berekende sowel as besinnende denke omgegaan moet word. Binne die postmodernistiese temporaliteitsaanslag is dit egter noodsaaklik dat die berekende denke deur die sinsoekende of besinnende denkbenadering oorskry word ten einde tot 'n verruimde begrip van rasionaliteit te kom. 'n Pluspunt van hierdie postmoderne rasionaliteitsverbreding is die bevraagtekening van stowwerige dogmas, outoritêre tradisie en geekte uitsprake wat die mens in die lewensgevoel van die tyd nie meer aanspreek nie (Beeld 10 Junie 1998: 12). Van Niekerk (1996: 212) beklemtoon dat dit in die huidige tydsgewrig nie meer die modernistiesgeïntereerde magsmens - wat wil domineer met sy berekende denke - is wat die toekoms besit nie. Dit is juis daardie mens wat met sy sinsoekende denkbenadering geleer het om na sy eie sinsbestemming binne die bestaan van die totale werklikheid te vra, wat die toekoms besit. Sinvinding en singewing realiseer egter uiteindelik alleen aan die hand van die partikuliere religie en wêreldbeskouing.

C. Die noodsaaklikheid van 'n beleving van die ewigheidsbestemming

Die modernistiese geskiedenismodel as 'n kontinuïteitsmodel van historiese vooruitgang, behels onder andere dat die toekoms lineêr uit die verlede voortvloei en dat die mens die alleenouteur van die toekoms is. Die Hoër Entiteit en Sy doel met die toekoms figureer nie in hierdie tydsopvatting nie (Van den Berg 1995). Dit impliseer uiteraard dat sodanige

toekoms eindig, beperk en verganklik is. Hierteenoor is die toekoms van die mens met 'n mede-outeur wat 'n ewigheidsbestaan voer, ewig en openbaar dit oneindigheidsperspektiewe. Die implikasie is dat die besinnende denke, waarvolgens die toekoms nie op die lineêre verlenging van die horisontaal aardse verlede en hede berus nie, maar op die vertikale tydvlak wat na die Hoër Entiteit en 'n ewigheidsbestemming lei, die enigste keuse is. Daarvolgens word die menslike tydsbeleving getransendeer in die rigting van die ewigheidstydsbeleving saam met die Hoër Entiteit. Van Niekerk (1996: 214) beklemtoon dat die mens daarsonder uitgelewer is aan 'n uitsiglose toekoms van menslike beperktheid wat logieserwys manifesteer in die euwels van nihilisme, pessimisme en sinisme.

D. Retrospeksie

Samevattend wat betref die postmodernistiese tendense op die sosiale terrein, waarby die godsdienste en wêreldbeskouing inbegrepe is, blyk dat 'n wêreldkultuur besig is om te ontwikkel. Binne hierdie wêreldkultuursituasie waarvolgens die dominansie van een groep deur 'n ander verminder, realiseer die beginsels van openheid, verdraagsaamheid en insluiting. Die Internet as instrument van hierdie wêreldkultuurkommunikasie blyk onbeperkte moontlikhede te hê in terme van globale kennis en inligting uitruiling sowel as sosiale gelykmaking. Vanweë beperkende faktore soos kostes en vaardigheidsvlakke, realiseer hierdie insluitingsverwagting egter nie optimaal nie. Wat godsdienste en wêreldbeskouing aanbetref blyk dat die postmodernistiese beklemtoning van relativisme tot gevolg het die posvat van 'n nihilistiese benadering tot die werklikheid. Dit blyk dat hierdie nihilisme alleen maar deur 'n sinsoekende benadering met veilige ankers in die partikuliere religie, besweer kan word.

2.5.5.3 Die appèl op hoër onderwys

A. Die globaliseringstendens van kurrikulums

Teen die agtergrond van die ontwikkeling van 'n wêreldkultuursituasie realiseer die tendens van 'n onderwysstelsel wat meer poreus raak in terme van die deurlaat van internasionale beïnvloeding. Wat betref hoër onderwys realiseer dit vir Green (1997: 171) in die groter mobiliteit van studente en akademiese personeel, die wydverspreide toepassing van geleende beleid, en in pogings om die internasionaliteit van kurrikulums te verbeter. Die gevolg is 'n definitiewe naderbeweeg aan en gelyksoortigheid tussen hoër onderwysstelsels en hoër onderwysinhoude wêreldwyd. Gibbons (1998: 37) verklaar dat *a clearly recognisable similarity prevails in the contents of undergraduate courses in physics, chemistry, biology, economics or political science, no matter where in the world they are taught.*

B. Die appèl op rekenaargebaseerde onderwys

Wat die Internet as instrument van die gesofistikeerde dinamiese inligtingstechnologie aanbetref beklemtoon Rust (1991: 621) dat *the information technology with its computers, modems and telefax modes, has transcended the structural boundaries that typically define schooling and multiplying communications apparatuses are now taking over education.* Green (1997: 171) aanvaar dat rekenaargebaseerde onderwys nooit die plek van die onderwyser in die skool kan inneem nie aangesien die basiese-onderrig leerder nog opvoedend geleer moet word hoe om te leer. Wat hoër onderwys aanbetref beaam hy egter dat die inligtingstechnologie tot gevolg kan hê 'n substansiële ontkoppeling van onderwys/opleiding van die fisiese institusionele ruimte. Veral binne die ontwikkelde samelewings bestaan reeds 'n omvangryke verskeidenheid van gesofistikeerde afstandsonderrigkoursusse waardeur die internasionale mobiliteit van studente en kruisbestuwing van inhoude verhoog.

Die Open University van Brittanje is 'n goeie voorbeeld van 'n hoër onderwysinrigting wat reeds suksesvol gebruikmaak van die moontlikhede van die inligtingstechnologie (paragraaf 2.5.3.2(C)). Hierdie inrigting beywer hom vir die voorsiening van onderwysprogramme,

deur middel van die Internet, aan studente binne ontwikkelende samelewings sowel as aan etniese minderheidsgroepe binne Brittanje self (Goodenow 1996: 200).

Betreffende Afrika het die Wêreldbank in Februarie 1997 sy African Virtual University (AVU) van stapel gestuur. Hierdie inisiatief het as toetsterrein die Addis Ababa Universiteit in Ethiopië en die Cheikh Anta Diop Universiteit in Dakar (Faye 1997). Die aanvanklike strategie van 'n uitbreiding na tradisionele universiteitskampusse in die sub-Sahara gebied, het as hoofdoel die voorsiening van onderwysprogramme in hoofsaaklik die natuurwetenskappe, tegnologie en ekonomiese wetenskappe. Hoewel die algemene opinie is dat hierdie AVU-konsep 'n antwoord op die verhoogde aanvraag na hoër onderwysvoorsiening binne 'n krimpende kapasiteitstendens kan bied, beklemtoon Hall (1997: 3) dat dit egter nog steeds *will be available to the elite only, further widening the divisions between the rich and poor*.

'n Mate van beperking bestaan ook betreffende die noodsaaklikheid aan spesifieke infrastruktuur soos byvoorbeeld laboratoriums (Green 1997: 172). Wat die sosiale wetenskappe egter aanbetref is die enigste beperkende faktor 'n biblioteek wat juis suksesvol deur middel van die Internet te bowe gekom kan word. Op die keper beskou neem afstandsonderrig deur middel van die inligtingstegnologie geweldig toe. En hoewel gedurige waarskuwings telkens opgaan oor die bevestiging en verstewiging van die bestaande ongelyke toegangsmoontlikhede, bly dit 'n meer geriefliklike en effektiewe opsie vir veral volwasse studente. Dit alles dra by tot die verstewiging van die internasionale wêreldkultuursituasie.

C. Die noodsaaklikheid van 'n besinnende denkbenadering

Die teenwoordigheid van 'n skeptiese nihilisme vanweë die postmodernisties-kritiese relativisme, gepaardgaande met die verbysterende tempo van die ontwikkelingsdinamiek, noodsaak die inbou van 'n sinsoekende benadering binne alle onderwysprogramme. Van Niekerk (1996: 214) beklemtoon dat binne alle onderwysprogramme, en dan veral ook

hoër onderwysprogramme, die besinnende denkbenadering wat gegrond is op 'n outentieke tydsberekening, as rigtinggewende faktor ingebou moet word. Hierdie beklemtoning van die koestering van die besinnende denke word geregverdig deur die feit dat wat eventueel van die mens gaan word, nie afhang van sy tegnologiese en wetenskaplike prestasies nie, maar van die mate waartoe hy in staat is om 'n outentieke antwoord op die aprioriese waarheids- en sinsvraag kan kry. Dit is dan ook so dat daar 'n toename in linguale diskoers ten opsigte van hoe 'n samelewing behoort te wees, eerder as hoe dit werklik is, bestaan. Jarvis (1996: 238) vermoed dat hierdie toenemende beklemtoning van die etiek tot 'n moontlike terugkeer na studies oor die Utopia kan lei. Hiermee saam beklemtoon Van der Walt (1989: 191) die noodsaak aan die in ere herstel van die eie ervaring binne die onderwys- en opleidingsprogramme. Hy voer aan dat die mens se ontvanklikheid vir en vermoë om te ervaar 'n belangrike dimensie van sy sinbelewing uitmaak. Dit beïnvloed nie net sy verhoudinge met ander mense, die fisiese omgewing en die Hoër Entiteit nie, maar ook sy vermoë om te leer. Aangesien hyself verantwoordelik is vir die verwerwing van kennis en die oplossing van probleme, moet die mens as vindingryke doener in staat gestel word om deur middel van eie ervaring te leer.

D. Retrospeksie

Samevattend wat betref die postmodernistiese tendense op die sosiale terrein en die appèl daarvan op hoër onderwys, blyk dat hoër onderwys meehelp tot 'n verstewiging van die wêreldkultuursituasie. Hierdie verstewiging realiseer aan die hand van die Internet waarvolgens studentemobiliteit sowel as 'n inhoudelike uitruilingsproses, bydra tot meerdere internasionalisering. Die Internetmoontlikhede van veelvuldige, gediversifiseerde afstandsonderrigprogramme veroorsaak ook 'n opmerklike ontkoppeling van onderwys/opleiding van die fisiese institusionele ruimte. Die teenwoordigheid van 'n nihilisme vanweë die relatiwiteit van kennis en die dinamiek van die inligtingstechnologie, noodsaak 'n besinnende denkbenadering ten opsigte van alle onderwys- en opleidingsprogramme. Die behoefte aan sinvolle betekenis-toekenning ter wille van

sinbeleding, met die oog op suksesvolle leer, word 'n noodsaaklikheid vir die teenwerk van hierdie nihilisme.

2.6 SAMEVATTING

Dit blyk dat konsensus oor die aanwesigheid van postmodernisme as korrigerende verlengstuk van die modernisme, in die huidige tydsvak van die mens se geskiedenis bestaan. En hoewel vlak en graadverskille betreffende die uitwerking van hierdie korrigerende bysturing op die verskeie volkere en nasies, is daar wel eenstemmigheid dat postmodernisme besig is om oor die hele wêreld te versprei.

Hierdie verspreiding realiseer aan die hand van 'n beïnvloeding van die totale samelewingstruktuur. Die totaliteit van hierdie beïnvloeding manifesteer by wyse van waarneembare beïnvloedingstendense op elk van die onderskeie samelewingsterreine. Wat betref die wetenskap en tegnologiese terrein blyk dat postmodernistiese kennis die eienskappe van relatiwiteit, diversiteit, dinamiese beweeglikheid en snelle verandering openbaar. Verder blyk dat hierdie kennis, wat veral natuurwetenskaplikgeoriënteerd is, deurgaans die toets van implementeerbaarheid en innoverendheid moet slaag. Op die ekonomiese terrein manifesteer die eienskappe van globalisering en internasionalisering wat tot gevolg het 'n verdwyning van tyd en ruimte as beperkende faktore vir produksie. Die produksieproses blyk 'n post-Fordistiese karakter aan te neem met die eis om 'n modulêre, kortkursusvoorsiening ter wille van 'n "net betyds" multivaardigheidsgeskooldeheid.

Die dinamies gesofistikeerde inligtingstechnologie staan sentraal in hierdie globaliserings- en internasionaliseringsituasie wat tot gevolg het dat op sosiale gebied 'n wêreldkultuursituasie ontwikkel. Hierdie wêreldkultuursituasie impliseer 'n vermindering van die dominansie van een groep deur 'n ander. Dit dra by tot 'n manifestasie van die vermindering van absolute regeringsmag en die verspreiding van die demokratiese insluitingsbeginsel op die politieke terrein. Wat betref die postmodernistiese mens se

godsdienst en wêreldbeskouing blyk die aanwesigheid van 'n pessimistiese nihilisme vanweë 'n te kritiese relatiwiteitsbenadering gepaardgaande met 'n te verbysterende tegnologiese ontwikkelingsdinamiek.

Vanweë die onderling wisselwerkende beïnvloedingseffek, eerstens tussen die onderskeie samelewingsterreine en tweedens tussen die samelewingsterreine en die onderwysstelsel (paragraaf 1.3.2), realiseer 'n pertinente appèl, voortspruitend uit hierdie postmodernistiese beïnvloedingstendense, op hoër onderwys. Vanuit die wetenskap en tegnologiese terrein is die appèl op gediversifiseerde, meerledigheidsrelevante en implementeerbare inhoude. Die ekonomiese terrein eis mededingbaarheid binne die internasionale, snel veranderende wêreldmarkeconomie. Daarom is die klem op 'n natuurwetenskaplikgeoriënteerde kortkursusbenadering. Hierdie benadering realiseer aan die hand van 'n beroepsgerigte modulêrestelselvoorsiening ten einde telkens "net-betyds" te voldoen aan veranderende behoeftes. Die ontwikkelingsdinamiek vra ook vir lewenslange opleidingsgeleenthede in die vorm van verdere en heropleiding. Vanuit die politieke terrein realiseer die aanslag op 'n akkommodering en insluiting van almal met die gevolglike behoefte aan massifikasie en diversifikasie. Vanuit die sosiale terrein word die toepassingsmoontlikhede van die Internet in terme van afstandsgebaseerde voorsiening en die ontwikkeling van 'n wêreldkultuursituasie beklemtoon. Op die godsdienst- en wêreldbeskouingsterrein realiseer die eis om 'n besinnende denkbenadering ter wille van sinbeleving binne hierdie relativistiese, snel veranderende lewensituasie.

In die lig van die transformasie van hoër onderwys in Suid-Afrika, teen die agtergrond van 'n toenemende blootstelling aan waarneembare postmodernistiese beïnvloedingstendense, sal vervolgens eerstens oorgegaan word tot 'n oriëntasie met betrekking tot hoër onderwys. Hierdie oriëntasie is noodsaaklik ten einde die postmoderne transformasieproses van hoër onderwysinrigtings in Suid-Afrika - met klem op die in die Gauteng Provinsie - beter te interpreteer.